

JAHOSHUA

1 En na die dood van Moshe, die dienaar van יהוה, het יהוה met Jahoshua, die seun van Nun, die dienaar van Moshe, gepraat en gesê:

² "My dienaar Moshe is dood. Staan nou op, trek deur hierdie Jardēn, jy en hierdie hele volk, na die land wat Ek aan hulle, die kinders van Jisra'el, gee.

³ "Elke plek waarop die sool van julle voet sal trap, gee Ek aan julle, soos Ek vir Moshe gesê het.

⁴ "Van die woestyn en hierdie Lebanon af tot by die groot rivier, die Paraatriver, die hele land van die Hētiēte, en tot by die Groot See na waar die son ondergaan, sal julle grondgebied wees.

⁵ "Niemand sal voor jou bly staan al die dae van jou lewe nie. Soos Ek met Moshe was, so is Ek met jou. Ek sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie.

⁶ "Wees sterk en vol moed, want jy moet hierdie volk die land laat erf wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee.

⁷ "Wees net sterk en baie vol moed, om nougeset op te tree volgens die hele Tora wat Moshe, My dienaar, jou beveel het. Moenie regs of links daarvan afwyk nie, sodat jy met wysheid kan handel, oral waar jy gaan.

⁸ "Hierdie Boek van die Tora mag nie uit jou mond wyk nie, maar jy moet dit oordink dag en nag, sodat jy nougeset kan optree volgens alles wat daarin geskryf staan. Want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met wysheid handel.

⁹ "Het Ek jou nie beveel nie? Wees sterk en vol moed, moenie bang of verbouereerd wees nie, want יהוה jou Elohim is met jou, oral waar jy gaan."

¹⁰ En Jahoshua het die opsigters van die volk beveel en gesê:

¹¹ "Gaan deur die laer en beveel die volk en sê: 'Maak vir julle padkos klaar, want

oor drie dae sal julle deur hierdie Jardēn trek om die land in besit te gaan neem wat יהוה julle Elohim aan julle gee, om dit in besit te neem.'"

¹² En Jahoshua het met die Reūbēni en Gadie en die halwe stam van Manashshe gepraat en gesê:

¹³ "Dink aan die woord wat Moshe, die dienaar van יהוה, julle beveel het toe hy gesê het: יהוה julle Elohim verskaf 'n rusplek aan julle en sal hierdie land aan julle gee.'

¹⁴ "Julle vrouens, julle kinders en julle vee kan bly in die land wat Moshe julle die kant van die Jardēn gegee het. Maar julle self, al die dapper vegters, moet gewapend voor julle broers deurtrek en hulle help,

¹⁵ totdat יהוה aan julle broers, soos aan julle, rus gee. En hulle sal ook die land in besit neem wat יהוה julle Elohim aan hulle sal gee. Dan kan julle teruggaan na die land van julle besitting wat Moshe, die dienaar van יהוה, julle gegee het anderkant die Jardēn, waar die son opkom, en dit in besit neem."

¹⁶ En hulle het Jahoshua geantwoord en gesê: "Alles wat u ons beveel het, sal ons doen, en oral waarheen u ons stuur, sal ons gaan.

¹⁷ "Net soos ons na Moshe geluister het, so sal ons na u luister. Laat יהוה u Elohim net met u wees soos Hy met Moshe was.

¹⁸ "Elke man wat teen u bevel rebelleer en nie na u woorde luister in alles wat u ons sal beveel nie, moet doodgemaak word. Wees net sterk en vol moed."

2 En Jahoshua, die seun van Nun, het twee manne uit Shittim in die geheim uitgestuur om te spioeneer en gesê: "Gaan bekyk die land en Jerigo." En hulle het gegaan en in die huis van 'n hoer, met die naam Ragab, gekom, en hulle het daar geslaap.

² En daar is aan die koning van Jerigo

JAHOSHUA 2

vertel en gesê is: “Kyk, manne uit die seuns van Jisra’el het vannag hierheen gekom om die land te verken.”

³ En die koning van Jerigo het na Ragab gestuur en gesê: “Bring die mans uit wat na jou gekom het, wat in jou huis gegaan het, want hulle het gekom om die hele land te verken.”

⁴ Maar die vrou het die twee mans geneem en hulle weggesteek. En sy het gesê: “Die mans het na my gekom, maar ek het nie geweet van waar hulle was nie.

⁵ “En toe die poort met donker gesluit moes word, het die mans uitgegaan. Ek weet nie waarheen die mans gegaan het nie. Agtervolg hulle gou, want julle sal hulle inhaal.”

⁶ Maar sy het hulle op die dak laat klim en hulle weggesteek onder die vlasstoppels wat op haar dak oopgegooi was.

⁷ Die mans het hulle toe agtervolg in die rigting van die Jardēn, na die driwwe. En hulle het die poort gesluit nadat hulle vervolgers uitgegaan het.

⁸ En voordat hulle gaan slaap het, het sy opgeklim na hulle toe op die dak

⁹ en vir die mans gesê: “Ek weet dat יהוה die land aan julle gegee het en dat die vrees vir julle op ons geval het en dat al die inwoners van die land vir julle bewe.

¹⁰ “Want ons het gehoor dat יהוה die water van die Rietsee voor julle met jul uittoeg uit Mitsrajim laat opdroog het en wat julle aan die twee konings van die Amoriëte, Sihon en Og, oorkant die Jardēn gedoen het, dat julle hulle met die ban getref het.

¹¹ “En toe ons dit gehoor het, het ons hart gesmelt, en daar was geen gees oor by enige iemand weens julle nie. Want יהוה julle Elohim, Hy is Elohim in die hemel daarbo en op die aarde hieronder.

¹² “En nou, sweer asseblief vir my by יהוה dat, terwyl ek aan julle ’n guns bewys het, julle ook aan my vader se huis ’n guns sal bewys, en gee my ’n betroubare teken

¹³ dat julle die lewe van my vader en my

moeder en my broers en my susters en almal wat aan hulle behoort, sal spaar en ons lewens van die dood sal red.”

¹⁴ En die mans het vir haar gesê: “Mag ons lewens in julle plek sterf! Indien julle nie hierdie saak van ons bekend maak nie, dan sal ons, wanneer יהוה ons die land gee, aan jou guns en trou bewys.”

¹⁵ En sy het hulle met ’n tou deur die venster laat afsak; want haar huis was in die stadsmuur ingebou, sodat sy in die muur gewoon het.

¹⁶ En sy het vir hulle gesê: “Loop die berge in, dat die vervolgers julle nie teekom nie, en steek julle daar drie dae lank weg totdat die vervolgers teruggekom het, en daarna kan julle dan verder gaan.”

¹⁷ En die mans het vir haar gesê: “Ons sal ontslae wees van hierdie eed aan jou wat jy ons laat sweer het –

¹⁸ kyk, wanneer ons die land inkom, moet jy hierdie gedraaide rooi tou waarmee jy ons laat afsak het, aan die venster vasbind, en jy moet jou vader en jou moeder en jou broers en jou vader se hele huis by jou in die huis bring.

¹⁹ “Elkeen wat dan uit die deure van jou huis na buite gaan, sy bloed sal op sy kop wees, en ons onskuldig. En elkeen wat by jou in die huis sal wees, sy bloed sal op ons kop wees, indien ’n hand teen hom is.

²⁰ “Maar indien jy hierdie saak van ons bekend maak, sal ons ontslae wees van die eed aan jou wat jy ons laat sweer het.”

²¹ En sy het gesê: “Laat dit wees volgens julle woorde.” En sy het hulle laat gaan, en hulle het weggegaan. En sy het die rooi tou aan die venster vasgebind.

²² En hulle het weggegaan en in die berge gekom en drie dae lank daar gebly totdat die vervolgers teruggekeer het. En die vervolgers het op die hele pad gesoek maar niks gekry nie.

²³ En die twee mans het teruggekeer en van die berge afgeklim en oorgegaan en by Jahoshua, die seun van Nun, gekom

JAHOSHUA 4

en hom alles vertel wat hulle ervaar het.

²⁴ En hulle het vir Jahoshua gesê: "Verseker gee יהוה die hele land in ons hand, ja, al die inwoners van die land smelt weg vir ons."

3 En Jahoshua het vroeg die oggend opgestaan, en hulle het van Shittim af weggetrek en by die Jardën aangekom, hy en al die kinders van Jisra'ël, en die nag daar oorgebly voordat hulle deurgetrok het.

² En na drie dae het die opsigters deur die laer gegaan

³ en die volk beveel en gesê: "Wanneer julle die verbondsark van יהוה julle Elohim sien en die Levitiese priesters wat dit dra, moet julle van jul plek af wegtrek en agter dit aan trek.

⁴ "Maar daar moet 'n afstand van ongeveer twee duisend el^a tussen julle en dit wees. Moenie naby dit kom nie, sodat julle kan weet langs watter pad julle moet trek, want gister en eergister het julle nie met die pad getrek nie."

⁵ En Jahoshua het vir die volk gesê: "Sonder julle af, want môre sal יהוה wonder tussen julle doen."

⁶ En Jahoshua het met die priesters gepraat en gesê: "Tel die verbondsark op en trek voor die volk uit" En hulle het die verbondsark opgetel en voor die volk uitgetrek.

⁷ En יהוה het vir Jahoshua gesê: "Vandag sal Ek begin om jou groot voor die oë van die hele Jisra'ël te maak, sodat hulle kan weet dat Ek met jou sal wees soos Ek met Moshe was.

⁸ "En jy, beveel die priesters wat die verbondsark dra, en sê: 'Wanneer julle aan die kant van die water van die Jardën kom, moet julle in die Jardën bly staan.'"

⁹ En Jahoshua het vir die kinders van Jisra'ël gesê: "Kom nader hier, en luister na die woorde van יהוה julle Elohim."

¹⁰ En Jahoshua het gesê: "Hieraan sal julle weet dat die lewende Ël tussen julle is, en dat Hy verseker die Kanaänim en

Ĥetiete en Ĥewiete en Feresiete en Girgasiëte en Amoriëte en Jebusiete voor julle uit sal dryf:

¹¹ "Kyk, die verbondsark van die Meester van die hele aarde trek voor julle uit die Jardën in.

¹² "En nou, neem vir julle twaalf mans uit die stamme van Jisra'ël, een man uit elke stam,

¹³ en wanneer die voetsole van die priesters wat die ark van יהוה, Meester van die hele aarde, dra, in die water van die Jardën rus, sal die water van die Jardën afgesny word - die water wat van die bokant afkom, en dit sal soos 'n wal bly staan."

¹⁴ En toe die volk uit hulle tente weggetrek het om deur die Jardën te gaan, met die priesters wat die verbondsark dra, voor die volk,

¹⁵ en net toe die draers van die ark by die Jardën gekom en die priesters wat die ark gedra het, hulle voete aan die kant van die water ingestek het - en die Jardën vloei oor al sy walle al die dae van die oes -

¹⁶ het die water wat van die bokant afkom bly staan: dit het soos 'n wal opgerys, baie ver weg by die stad Adam wat langs Tsaretan lê. En die wat afloop na die See van Araba, die Soutsee, het heeltemal verdwyn. En die volk het oorkant Jerigo deurgetrek.

¹⁷ En die priesters wat die verbondsark van יהוה gedra het, het onbeweeglik bly staan op droë grond binne-in die Jardën, terwyl die hele Jisra'ël op droë grond deurgetrek het, totdat die hele volk deur die Jardën getrek het.

4 En toe die hele volk deur die Jardën getrek het, het יהוה met Jahoshua gepraat en gesê:

² "Neem vir julle uit die volk twaalf mans, uit elke stam een man,

³ en beveel hulle en sê: 'Neem vir julle vandaar, uit die middel van die Jardën, van die plek waar die voete van die priesters vas bly staan het, twaalf klippe en bring dit saam met julle deur en sit dit

^a Ongeveer 1 000 m

neer op die slaapplek waar julle vannag gaan oorbly."

⁴ En Jahoshua het die twaalf mans geroep wat hy uit die kinders van Jisra'ël aangestel het, een man uit elke stam,

⁵ en Jahoshua het vir hulle gesê: "Trek uit voor die ark van יהוה julle Elohim tot binne-in die Jardĕn, en elkeen tel 'n klip op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die kinders van Jisra'ël,

⁶ sodat dit 'n teken tussen julle kan wees. Wanneer julle kinders later vra en sê: 'Wat beteken hierdie klippe vir julle?'

⁷ "Moet julle vir hulle sê: 'Omdat die water van die Jardĕn afgekeer is voor die verbondsark van יהוה. Met sy deurtog deur die Jardĕn is die water van die Jardĕn afgekeer. En hierdie klippe is 'n herinnering vir die kinders van Jisra'ël vir altyd.'"

⁸ En die kinders van Jisra'ël het gedoen soos Jahoshua beveel het. Hulle het twaalf klippe uit die middel van die Jardĕn opgetel soos יהוה vir Jahoshua gesê het, volgens die getal van die stamme van die kinders van Jisra'ël, en hulle het dit saam met hulle deurgebring na die slaapplek en dit daar neergesit.

⁹ Jahoshua het ook twaalf klippe opgerig in die middel van die Jardĕn, op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die verbondsark, gestaan het. En dit is daar tot vandag toe.

¹⁰ En die priesters wat die ark gedra het, het in die middel van die Jardĕn bly staan totdat alles voltooi was wat יהוה Jahoshua beveel het om aan die volk te sê, volgens alles wat Moshe Jahoshua beveel het. En die volk het haastig deurgetrek.

¹¹ En toe die hele volk die deurtog voltooi het, het die ark van יהוה met die priesters voor die oë van die volk deurgegaan.

¹² En die seuns van Reubĕn en die seuns van Gad en die halwe stam van Manashe het gewapend voor die seuns van Jisra'ël deurgetrek soos Moshe vir hulle gesê het.

¹³ Ongeveer veertig duisend gewapen vir

oorlog, het voor יהוה deurgetrek om te veg, na die woestyn vlaktes van Jerigo.

¹⁴ Daardie dag het יהוה Jahoshua groot voor die oë van die hele Jisra'ël gemaak, sodat hulle hom gevrees het soos hulle Moshe gevrees het al die dae van sy lewe.

¹⁵ En יהוה het met Jahoshua gepraat en gesê:

¹⁶ "Beveel die priesters wat die ark van die getuienis dra, dat hulle uit die Jardĕn opklim."

¹⁷ En Jahoshua het die priesters beveel en gesê: "Klim op uit die Jardĕn."

¹⁸ En toe die priesters wat die verbondsark van יהוה gedra het, uit die middel van die Jardĕn opgeklim het, het die priesters net hulle voetsole gelig en die droë grond bereik, en die water van die Jardĕn het na sy plek teruggekeer en soos gister en eergister oor al sy walle geloop.

¹⁹ En die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Jardĕn opgetrek en laer opgeslaan by גִּלְגָּל, aan die oosgrens van Jerigo.

²⁰ En daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jardĕn geneem het, het Jahoshua by גִּלְגָּל opgerig.

²¹ En hy het met die seuns van Jisra'ël gepraat en gesê: "Wanneer julle kinders later hulle vaders vra en sê: 'Wat beteken hierdie klippe?'

²² dan moet julle dit aan julle seuns bekend maak en sê: 'Op droë grond het Jisra'ël deur hierdie Jardĕn getrek,'

²³ want יהוה julle Elohim het die water van die Jardĕn voor julle uit laat opdroog, totdat julle deurgetrek het, soos יהוה julle Elohim gedoen het met die Rietsee wat Hy voor ons uit laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het,

²⁴ sodat al die volke van die aarde kan weet dat die hand van יהוה sterk is, sodat julle יהוה julle Elohim altyd mag vrees."

5 En toe al die konings van die Amoriete wat anderkant die Jardĕn na die weste was, en al die konings van die Kanaänim

JAHOSHUA 6

wat by die see woon, hoor dat יהוה die water van die Jardēn voor die kinders van Jisra'ël uit laat opdroog het, totdat hulle deurgetrek het, het hulle hart versmelt en was daar in hulle geen moed meer weens die kinders van Jisra'ël nie.

² In daardie tyd het יהוה vir Jahoshua gesê: “Maak vir jou klipmesse en besny weer die kinders van Jisra'ël vir die tweede keer.”

³ En Jahoshua het vir hom klipmesse gemaak en die seuns van Jisra'ël besny by die Heuwel van die Voorhuide.

⁴ En dit is die oorsaak dat Jahoshua hulle besny het: Die hele volk wat uit Mitsrajim getrek het, die manspersone, al die krygsmanne, het op pad in die woestyn gesterf, op hulle trek uit Mitsrajim.

⁵ Want die hele volk wat uitgetrek het, was besny, maar die hele volk wat op pad in die woestyn gebore is, op hulle trek uit Mitsrajim, het hulle nie besny nie.

⁶ Want veertig jaar lank het die kinders van Jisra'ël in die woestyn getrek, totdat die hele volk uitgeroei was, die krygsmanne wat uit Mitsrajim weggetrek het, wat nie die stem van יהוה gehoorsaam het nie, vir wie יהוה gesweer het dat Hy hulle die land nie sou laat sien wat יהוה hulle vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie - 'n land wat oorloop van melk en heuning.

⁷ En hul seuns wat Hy in hulle plek gestel het, het Jahoshua besny, want hulle was onbesny, omdat hulle nie op pad besny is nie.

⁸ En toe die hele volk klaar besny is, het hulle op hul plek in die laer gebly totdat hulle gesond was.

⁹ En יהוה het vir Jahoshua gesê: “Vandag het Ek die skande van Mitsrajim van julle weg gerol.” Daarom het hulle dié plek Gīlḡal genoem tot vandag toe.

¹⁰ En die kinders van Jisra'ël het by Gīlḡal gekamp, en hulle het die Pěśaḥ gehou op die veertiende dag van die maand in die aand, in die vlaktes van Jerigo.

¹¹ En hulle het die dag ná die Pěśaḥ van die opbrengs van die land geëet: onge-

suurde brood en gebraaide koring, daardie selfde dag.

¹² En die dag nadat hulle van die opbrengs van die land geëet het, het die manna opgehou, sodat die kinders van Jisra'ël verder geen manna gehad het nie, maar hulle het geëet van die opbrengs van die land Kanaän in daardie jaar.

¹³ En terwyl Jahoshua by Jerigo was, het hy sy oë opgelig en gekyk, en 'n Man teenoor hom sien staan met 'n ontblote swaard in Sy hand. En Jahoshua het na Hom gegaan en Hom gevra: “Is U vir ons of vir ons vyande?”

¹⁴ En Hy het gesê: “Nee, want Ek het nou gekom as die Hoof van die leër van יהוה.” En Jahoshua het met sy gesig op die grond geval en hom neergebuig en vir Hom gesê: “Wat wil my Meester vir Sy dienaar sê?”

¹⁵ En die Hoof van die leër van יהוה het vir Jahoshua gesê: “Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is afgesonderd”. En Jahoshua het dit gedoen.

6 En Jerigo was behoorlik gesluit weens die kinders van Jisra'ël – niemand het uitgegaan of ingegaan nie.

² En יהוה het vir Jahoshua gesê: “Kyk, Ek gee Jerigo en sy koning en dapper mans in jou hand.

³ “En julle moet om die stad trek, al die krygsmanne trek om die stad een maal. Doen dit ses dae lank.

⁴ “En sewe priesters moet sewe ramshorings voor die ark dra, en op die sewende dag moet julle sewe maal om die stad trek en die priesters moet op die horings blaas.

⁵ “En wanneer hulle lang geluide op die ramshoring blaas, wanneer julle die geluid van die horing hoor, moet die hele volk 'n groot krygsgekreeu uitroep. En die stadsmuur sal op sy plek inval, en die volk moet inklim, elkeen reg voor hom uit.”

⁶ En Jahoshua, die seun van Nun, het die priesters geroep en vir hulle gesê: “Neem

JAHOSHUA 6

die verbondsark op, en laat sewe priesters sewe ramshorings voor die ark van יהוה dra.”

⁷ En vir die volk het hy gesê: “Trek op en gaan om die stad, en die gewapendes moet voor die ark van יהוה optrek.”

⁸ En na Jahoshua dit vir die volk gesê het, het die sewe priesters, die draers van die sewe ramshorings, opgetrek voor יהוה en op die horings geblaas, terwyl die verbondsark van יהוה agter hulle aan gegaan het.

⁹ Die gewapendes het voor die priesters getrek wat op die horings geblaas het, en die agterhoede het agter die ark aan gegaan en voortdurend op die horings geblaas.

¹⁰ En Jahoshua het die volk beveel en gesê: “Julle mag nie skreeu of julle stem laat hoor nie, en geen woord mag uit julle mond gaan nie tot op die dag dat ek vir julle sê: ‘Skreeu!’ dan moet julle skreeu.”

¹¹ En die ark van יהוה het om die stad getrek, een keer rondom. En hulle het in die laer gekom en in die laer die nag oorgeby.

¹² En Jahoshua het die môre vroeg opgestaan, en die priesters het die ark van יהוה gedra.

¹³ En die sewe priesters wat die sewe ramshorings gedra het, het voor die ark van יהוה geloop en voortdurend op die horings geblaas, en die gewapendes het voor hulle geloop. En die agterhoede het agter die ark van יהוה aan gegaan, en voortdurend op die horings geblaas.

¹⁴ En hulle het op die tweede dag een keer om die stad getrek en hulle het in die laer teruggekom. So het hulle vir ses dae gedoen.

¹⁵ En op die sewende dag het hulle vroeg opgestaan met dagbreek, en op dieselfde manier sewe maal om die stad getrek. Maar daardie dag het hulle sewe maal om die stad getrek.

¹⁶ En die sewende keer toe die priesters op die horings geblaas het, het Jahoshua vir die volk gesê: “Skreeu! want יהוה het

die stad aan julle gegee!

¹⁷ “En die stad kom onder die ban, met alles daarin behoort dit aan יהוה. Net Ragab, die hoer, mag lewe, sy en almal wat by haar in die huis is, omdat sy die boodskappers wat ons gestuur het, weggesteek het.

¹⁸ “Maar neem julle net in ag vir die ban, dat julle nie, terwyl julle met die ban tref, tog van die bangoed neem en die laer van Jisra’el onder die ban bring en dit in die moeilikheid bring nie.

¹⁹ “Maar al die silwer en goud en die koper en ystervoorwerpe is afgesonderd aan יהוה: dit moet in die skatkamer van יהוה kom.”

²⁰ En die volk het geskreeu, en hulle het op die horings geblaas. En toe die volk die geluid van die horing gehoor het, het die volk ’n groot skreeu geskreeu, en die muur het plat geval, en die volk het in die stad geklim, elkeen reg voor hom uit, en hulle het die stad ingeneem.

²¹ En alles wat in die stad was, het hulle deur die skerpte van die swaard met die ban getref, man sowel as vrou, jonk sowel as oud, tot bees, skaap en donkie.

²² En vir die twee mans wat die land verken het, het Jahoshua gesê: “Gaan in die huis van die hoer, en bring die vrou en almal wat aan haar behoort, daaruit, soos julle vir haar gesweer het.”

²³ Die jongmanne, die spioene, het toe ingegaan en Ragab met haar vader en haar moeder en haar broers en almal wat aan haar behoort het uitgebring - al haar familie het hulle uitgebring en hulle buitkant die laer van Jisra’el laat bly.

²⁴ En hulle het die stad met alles daarin, met vuur verbrand. Net die silwer en die goud en die koper en ystervoorwerpe het hulle in die skatkamer van die Huis van יהוה gevoeg.

²⁵ Maar Jahoshua het Ragab, die hoer, laat lewe en haar familie en almal wat aan haar behoort het. En sy het tussen Jisra’el gewoon tot vandag toe, omdat sy die boodskappers weggesteek het wat Jahoshua gestuur het om Jerigo te ver-

JAHOSHUA 7

ken.

²⁶ En in daardie tyd het Jahoshua onder eed gesê: "Vervloek is die man voor יהוה wat sal opstaan om hierdie stad Jerigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fundamente lê, en ten koste van sy jongste sal hy sy hekke insit."

²⁷ En יהוה was met Jahoshua, en 'n gerug van hom het deur die hele land gegaan.

7 Maar die kinders van Jisra'ël het 'n oortreding begaan aangaande die bangoed, want Agan, seun van Karmi, seun van Saḅdi, seun van Serag, van die stam van Jahuda, het van die bangoed geneem, sodat die toorn van יהוה teen die kinders van Jisra'ël ontvlam het.

² En Jahoshua het mans vanaf Jerigo na Ai gestuur wat by Bēt Awen lê, oos van Bēt Ēl, en hy het met hulle gepraat en gesê: "Trek op en verken die land;" en die mans het opgetrek en Ai verken.

³ En hulle het na Jahoshua teruggekeer, en vir hom gesê: "Al die mense hoef nie op te trek nie, omtrent twee duisend man of drie duisend kan optrek, en hulle sal Ai verslaan. Moenie al die mense met 'n tog daarheen vermoei nie, want hulle is daar maar min."

⁴ En omtrent drie duisend man van die mense het daarnatoe opgetrek, maar hulle moes voor die mans van Ai vlug.

⁵ En die mans van Ai het omtrent ses en dertig man uit hulle doodgeslaan en hulle van die poort af tot by Sheḅārim agtervolg en hulle verslaan op die afdraand. En die volk se hart het gesmelt en soos water geword.

⁶ En Jahoshua het sy klere geskeur en met sy gesig op die grond geval voor die ark van יהוה, tot die aand toe, hy en die oudstes van Jisra'ël, en hulle het stof op hul koppe gegooi.

⁷ En Jahoshua het gesê: "Ag, Meester יהוה, waarom het U hierdie volk ooit deur die Jardēn gebring om ons oor te gee in die hand van die Amorieite, om ons te vernietig? Was ons tog maar tevrede om oorkant die Jardēn te bly!

⁸ "O Meester, wat sal ek sê nadat Jisra'ël

vir sy vyande die rug gedraai het?

⁹ "En wanneer die Kanaänim en al die inwoners van die land dit hoor, sal hulle ons omsingel en ons naam van die aarde af vernietig. Wat sal U dan vir U groot Naam doen?"

¹⁰ En יהוה het vir Jahoshua gesê: "Staan op! Waarom lê jy op jou gesig?

¹¹ "Jisra'ël het gesondig en het ook My verbond oortree wat Ek hulle beveel het. En hulle het selfs van die bangoed geneem en ook gesteel en gelieg en dit selfs by hulle goed gevoeg.

¹² "En die seuns van Jisra'ël sal nie voor hulle vyande kan staan nie. Hulle sal hul rug voor hul vyande draai, omdat hulle self 'n ban geword het. Ek sal nie meer met julle wees tensy julle die ban onder julle uit vernietig nie.

¹³ "Staan op! Sonder die volk af en sê: 'Sonder julleself af vir môre, want so sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël: "Daar is 'n ban in jou midde, Jisra'ël! Jy sal nie voor jou vyande kan staan totdat julle die ban onder julle uit verwyder het nie."

¹⁴ "En julle moet môre vroeg nader kom volgens julle stamme. en die stam wat יהוה aanwys, moet aankom volgens die families. En die geslag wat יהוה aanwys, moet aankom volgens die huisgesinne. En die huisgesin wat יהוה aanwys, moet aankom man vir man.

¹⁵ "En hy wat in besit van die bangoed aangewys is, moet met vuur verbrand word, hy met alles wat aan hom behoort, omdat hy die verbond van יהוה oortree en 'n boosheid in Jisra'ël begaan het."

¹⁶ En Jahoshua het vroeg in die môre opgestaan en Jisra'ël laat nader kom volgens sy stamme. En die stam van Jahuda is aangewys.

¹⁷ En hy het die families van Jahuda laat nader kom, en die familie van die Sargiete is aangewys. En hy het die familie van die Sargiete man vir man laat nader kom, en Saḅdi is aangewys.

¹⁸ En hy het sy huisgesin man vir man laat nader kom, en Agan, die seun van Karmi, die seun van Saḅdi, die seun van

JAHOSHUA 8

Serag, van die stam van Jahuda, is aangewys.

¹⁹ En Jahoshua het vir Agan gesê: "My seun, gee tog aansien aan יהוה, die Elohim van Jisra'ël engee lof aan Hom. En vertel my tog wat jy gedoen het, moenie dit vir my wegsteek nie."

²⁰ En Agan het Jahoshua geantwoord en gesê: "Waarlik, ek het teen יהוה, die Elohim van Jisra'ël, gesondig en dit en dit het ek gedoen:

²¹ "En ek het 'n mooi mantel uit Shin`ar by die buitgoed gesien en twee honderd sikkels silwer en 'n goudstaaf van vyftig sikkels in gewig, en ek het dit begeer en dit geneem. En kyk, dit is in die grond versteek, binne-in my tent, en die silwer daaronder."

²² En Jahoshua het boodskappers gestuur en hulle het na die tent gehardloop. Dit was versteek in sy tent, en die silwer daaronder.

²³ En hulle het dit uit die tent gehaal en dit na Jahoshua en al die kinders van Jisra'ël gebring en dit voor יהוה uitgegooi.

²⁴ En Jahoshua en die hele Jisra'ël saam met hom het Agan, die seun van Serag, geneem met die silwer en die mantel en die goudstaaf en sy seuns en sy dogters en sy beeste en sy esels en sy kleinvee en sy tent en alles wat aan hom behoort het, en hulle het hul na die Vallei Agor gebring.

²⁵ En Jahoshua het gesê: "Waarom het jy ons in moeilikheid gebring! יהוה sal jou vandag in moeilikheid bring!" En die hele Jisra'ël het hom met klippe gestenig, en hulle het hulle met vuur verbrand en hulle met klippe gestenig.

²⁶ En hulle het 'n groot hoop klippe op hom gestapel wat tot vandag toe daar is. En יהוה het Hom weg gedraai van die gloed van Sy toorn. Daarom noem hulle daardie plek Vallei Agor tot vandag toe.

8 En יהוה het vir Jahoshua sê: "Moenie bang of verbouereerd wees nie. Neem al die krygsmanne saam met jou en staan op, trek op na Ai. Kyk, Ek het die koning

van Ai en sy volk en sy stad en sy land in jou hand gegee.

² "En jy moet met Ai en haar koning doen soos jy met Jerigo en haar koning gedoen het. Net haar buit en haar vee mag julle vir juiself buitmaak. Stel vir jou 'n hinderlaag op teen die stad, aan die agterkant."

³ En Jahoshua met al die krygsmanne het opgestaan om na Ai op te trek, en Jahoshua het dertig duisend dapper mans, uitgesoek en hulle in die nag uitgestuur

⁴ en hulle beveel en gesê: "Kyk, julle moet teen die stad 'n hinderlaag opstel, aan die agterkant van die stad. Moenie te ver van die stad af weggaan nie, en hou julle almal gereed,

⁵ en ek met al die mans wat by my is, sal na die stad toe aankom. Wanneer hulle dan uitkom om ons te ontmoet, soos die vorige keer, sal ons voor hulle uit vlug,

⁶ en hulle sal uittrek agter ons aan totdat ons hulle van die stad afgesny het, want hulle sal dink: 'Hulle vlug voor ons uit soos die vorige keer.' En ons sal voor hulle uit vlug.

⁷ "Dan moet julle uit die hinderlaag opstaan en die stad inneem, want יהוה julle Elohim sal dit in julle hand gee.

⁸ "En wanneer julle die stad ingeneem het, moet julle die stad met vuur verbrand. Julle moet volgens die woord van יהוה handel. Kyk, ek het julle beveel."

⁹ En Jahoshua het hulle uitgestuur, en hulle het getrek na die hinderlaag en tussen Bêt Ēl en Ai gebly, aan die westekant van Ai. Maar Jahoshua het daardie nag tussen die mans oorgebly.

¹⁰ En Jahoshua het vroeg die môre opgestaan en die mans opgestel en opgetrek, hy en die oudstes van Jisra'ël voor die mans, na Ai toe.

¹¹ En al die krygsmanne wat by hom was, het opgetrek en nader gegaan en teenoor die stad gekom, en hulle het laer opgeslaan aan die noordekant van Ai, en die vallei was tussen hulle en Ai.

¹² En hy het omtrent vyf duisend man geneem en hulle in 'n hinderlaag opgestel

JAHOSHUA 8

tussen Bět Ěl en Ai, aan die westekant van die stad.

¹³ En hulle het die mans opgestel, die hele leër wat noordelik van die stad was, met sy agterhoede aan die westekant van die stad, maar Jahoshua het daardie nag die vallei ingetrek.

¹⁴ En toe die koning van Ai dit gesien het, het die mans van die stad hulle vroeg gou opgestaan en uitgetrek om Jisra'ël in die geveg te ontmoet, hy en al sy mans, op 'n afgesproke plek voor die vlakke. Maar hy het nie geweet dat daar agter die stad 'n hinderlaag vir hom lê nie.

¹⁵ En Jahoshua en die hele Jisra'ël het hul laat verslaan voor hulle en gevlug op die pad van die woestyn.

¹⁶ En al die mans in die stad is toe bymekaar geroep om hulle te agtervolg. En hulle het Jahoshua agtervolg, en is van die stad afgesny.

¹⁷ En niemand het in Ai en Bět Ěl oorgebly wat nie agter Jisra'ël aan uitgetrek het nie, en hulle het die stad oop laat staan en Jisra'ël agtervolg.

¹⁸ En יהוה het vir Jahoshua gesê: "Steek die spies wat in jou hand is, uit na Ai toe, want Ek gee dit in jou hand." En Jahoshua het die spies wat in sy hand was, na die stad uitgesteek.

¹⁹ En die hinderlaag het gou van hul plek af opgestaan en gestorm toe hy sy hand uitgesteek het, en hulle het in die stad gekom en dit ingeneem en die stad gou aan die brand gesteek.

²⁰ En die mans van Ai het agter hulle gekyk en gesien hoe die rook van die stad na die hemel optrek. En hulle het geen vermoëns gehad om hierheen of daarheen te vlug nie, want die mans wat op die vlug was na die woestyn, het omgedraai teen die vervolgers.

²¹ En Jahoshua en die hele Jisra'ël het gesien dat die hinderlaag die stad inneem het en dat die rook van die stad opstyg, en hulle het omgedraai en die mans van Ai aangeval.

²² En die ander het uit die stad teen hulle gekom, sodat hulle midde in Jisra'ël was,

sommige die kant en sommige anderkant. En hulle het hul verslaan totdat daar niemand van hulle oor was of ontsnap het nie.

²³ Maar hulle het die koning van Ai lewendig gevang en hom na Jahoshua gebring.

²⁴ En nadat Jisra'ël al die inwoners van Ai in die veld, in die woestyn waar hulle hul agtervolg het, geheel en al van kant gemaak het, en hulle almal tot die laaste een toe deur die skerpte van die swaard geval het, het die hele Jisra'ël teruggekome na Ai en dit met die skerpte van die swaard verslaan.

²⁵ Al die gesneuweldes op dié dag, mans sowel as vrouens, was twaalf duisend - al die mense van Ai.

²⁶ En Jahoshua het sy hand met die uitgestrekte spies nie teruggetrek voordat hy al die inwoners van Ai met die banvloek getref het nie.

²⁷ Net die vee en die buit van daardie stad het die Jisra'ëliete vir hulle buitgemaak, volgens die woord van יהוה wat Hy Jahoshua beveel het.

²⁸ Toe het Jahoshua Ai verbrand en daarvan 'n puinhoop gemaak vir ewig, 'n wildernis tot vandag toe.

²⁹ En die koning van Ai het hy aan 'n boom^b opgehang tot die aand toe; maar teen sonsondergang het Jahoshua bevel gegee, en hulle het sy lyk van die boom afgehaal en dit by die ingang van die stadspoort gegooi en 'n groot hoop klippe op hom gestapel wat vandag nog daar is.

³⁰ Toe het Jahoshua 'n altaar gebou vir יהוה, die Elohim van Jisra'ël, op die berg Ĕbal,

³¹ soos Moshe, die dienaar van יהוה, die kinders van Jisra'ël beveel het, soos geskryf staan in die Boek van die Tora van Moshe: 'n Altaar van ongekapte klippe waaroor geen yster geswaai is nie; en dáarop het hulle aan יהוה brandoffers gebring en dankoffers geslag.

³² En daar het hy 'n afskrif van die Tora

^b Kan ook 'n paal wees.

van Moshe op die klippe geskryf, wat hy geskryf het voor die oë van die kinders van Jisra'ël,

³³ terwyl die hele Jisra'ël met sy oudstes en die opsigters en sy regters aan weerskante van die ark staan - teenoor die Levitiese priesters, die draers van die verbondsark van יהוה - die vreemdeling sowel as die kind van die land: die een helfte daarvan teen die berg Gerisim en die ander helfte daarvan teen die berg Ēbal, soos Moshe, die dienaar van יהוה, tevore bevel gegee het om die volk van Jisra'ël te seën.

³⁴ En daarna het hy al die woorde van die Tora voorgelees, die seën en die vloek, net soos dit geskryf staan in die Boek van die Tora.

³⁵ Daar was geen woord van alles wat Moshe beveel het, wat Jahoshua nie voorgelees het voor die hele vergadering van Jisra'ël, met die vrouens en die kinders en die vreemdeling wat onder hulle saamgetrek het nie.

9 En toe al die konings wat wes van die Jardĕn woon op die Gebergte en in die Laeveld en aan die hele kus van die Groot See na die kant van die Lebānon toe: die Ĥetiete en Amoriete, Kanaānim, Feresiete, Ĥewiete en JeĤusiete, dit hoor, ² het hulle bymekaargekom om soos een man teen Jahoshua en Jisra'ël te veg.

³ Maar toe die inwoners van Gib'on hoor wat Jahoshua met Jerigo en met Ai gedoen het,

⁴ het hulle ook met lis gehandel: hulle het gegaan en hulle as boodskappers aangestel en verslete sakke op hulle esels geneem en verslete wynsakke wat geskeur en weer toegebind was;

⁵ ook verslete en gelapte skoene aan hulle voete en verslete klere aan hulle lyf; en al die brood van hulle padkos was droog en verkrummeld.

⁶ So het hulle dan na Jahoshua gegaan in die laer van Gilġal en aan hom en die mans van Jisra'ël gesê: "Ons kom van 'n ver land af; sluit dan nou 'n verbond met ons."

⁷ Maar die mans van Jisra'ël het aan die Ĥewiete gesê: "Miskien woon julle onder ons; hoe kan ons dan 'n verbond met julle sluit?"

⁸ Toe sê hulle vir Jahoshua: "Ons is u dienaars!" Daarop het Jahoshua hulle gevra: "Wie is julle, en waar kom julle vandaan?"

⁹ En hulle sê vir hom: "U dienaars kom van 'n baie ver land af, vanweë die Naam van יהוה u Elohim; want ons het die gerug van Hom gehoor, en alles wat Hy in Mitsrajim gedoen het;

¹⁰ en alles wat Hy aan die twee konings van die Amoriete oorkant die Jardĕn gedoen het, aan Siĥon, die koning van Ĥeshbon, en Og, die koning van Bashan, wat in Ashtarot was."

¹¹ "Daarom het ons oudstes en al die inwoners van ons land met ons gepraat en gesê: 'Neem padkos met julle saam vir die reis en trek hulle tegemoet en sê aan hulle: "Ons is julle dienaars, sluit dan nou 'n verbond met ons.'"

¹² "Ons brood hier - warm het ons dit as padkos uit ons huise geneem, die dag toe ons vertrek het om na julle te kom - kyk maar, nou het dit droog en verkrummeld geword.

¹³ "En die wynsakke hier wat ons as nuwes volgemaak het - kyk maar, hulle is geskeur; en ons klere hier en ons skoene - hulle is verslete deur die baie lang reis."

¹⁴ Toe neem die mans van hulle padkos; maar die mond van יהוה het hulle nie geraadpleeg nie.

¹⁵ En Jahoshua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe; en die owerstes van die vergadering het hulle dit met 'n eed beloof.

¹⁶ Maar aan die einde van drie dae, nadat die verbond met hulle gesluit was, hoor die volk dat hulle in hul nabyheid en tussen hulle in woon.

¹⁷ Die kinders van Jisra'ël het weggetrek en op die derde dag by hulle stede gekom; en hulle stede was: Gib'on en Kefira en Bé'erot en Kirjat-Je'árim.

JAHOSHUA 10

¹⁸ Maar die kinders van Jisra'ël het hulle nie verslaan nie, omdat die owerstes van die vergadering vir hulle gesweer het by יהוה, die Elohim van Jisra'ël. Die hele vergadering het toe teen die owerstes gemurmureer.

¹⁹ Daarop sê al die owerstes aan die hele vergadering: "Ons het self vir hulle gesweer by יהוה, die Elohim van Jisra'ël; en nou mag ons hulle nie aanraak nie.

²⁰ "Dit sal ons aan hulle doen en hulle laat lewe, sodat daar nie toorn oor ons kom ter wille van die eed wat ons vir hulle gesweer het nie."

²¹ Verder sê die owerstes vir hulle: "Laat hulle lewe!" En hulle het houtkappers en waterputters geword van die hele vergadering, soos die owerstes aan hulle gesê het.

²² Toe laat Jahoshua hulle roep en praat met hulle en sê: "Waarom het julle ons bedrieg deur te sê: 'Ons woon baie ver van julle af' - terwyl julle tussen ons in woon?"

²³ "Nou dan, vervloek is julle! En nooit sal julle ophou om slawe, houtkappers sowel as waterputters, vir die huis van my Elohim te wees nie."

²⁴ Toe het hulle Jahoshua geantwoord en gesê: "Omdat aan u dienaars verseker meegedeel was dat יהוה u Elohim aan Moshe, Sy dienaar, bevel gegee het om die hele land aan julle te gee en al die inwoners van die land voor julle uit te delg, daarom was ons vir julle baie bevrees ter wille van ons lewe en het ons hierdie ding gedoen.

²⁵ "Maar hier is ons nou in u hand: doen soos dit goed en reg is in u oë om met ons te handel."

²⁶ Hy het toe so met hulle gedoen en hulle gered uit die hand van die kinders van Jisra'ël, dat dié hulle nie gedood het nie.

²⁷ So het Jahoshua dan op dié dag houtkappers en waterputters van hulle gemaak vir die vergadering en vir die altaar van יהוה, tot vandag toe, op die plek wat Hy sou uitkies.

10 En toe Adóni-Tsedek, die koning van Jarushalajim, hoor dat Jahoshua Ai ingeneem en dit met die banvloek getref het - soos hy met Jerigo en sy koning gedoen het, so het hy met Ai en sy koning gedoen - en dat die inwoners van Gib'on vrede gesluit het met Jisra'ël en in hulle midde was,

² het hulle baie bevrees geword, omdat Gib'on 'n groot stad was, soos een van die koningstede, en omdat hy groter as Ai en al sy mans sterk was.

³ Adóni-Tsedek, die koning van Jarushalajim, stuur toe na Hoham, die koning van Hebron, en na Píram, die koning van Jarmut, en na Jáfiija, die koning van Lagish, en na Deb'ir, die koning van Eglon, om te sê:

⁴ "Trek na my toe op en help my, dat ons Gib'on kan verslaan, omdat hy met Jahoshua en met die kinders van Jisra'ël vrede gesluit het."

⁵ So het dan die vyf Amoritiese konings vergader en opgetrek: die koning van Jarushalajim, die koning van Hebron, die koning van Jarmut, die koning van Lagish, die koning van Eglon, hulle en al hul leërmagte; en hulle het Gib'on beleër en daarteen geveg.

⁶ Maar die mans van Gib'on het na Jahoshua gestuur, in die laer van Gílgal, om te sê: "Trek u hande nie af van u dienaars nie, kom gou op na ons toe en verlos ons en help ons; want al die konings van die Amoriëte wat die Gebergte bewoon, het hulle teen ons verenig."

⁷ Daarop het Jahoshua opgetrek uit Gílgal, hy en al die weerbare mans en al die dapper helde met hom saam.

⁸ En יהוה het aan Jahoshua gesê: "Wees nie bevrees vir hulle nie, want Ek gee hulle in jou hand; niemand van hulle sal voor jou standhou nie."

⁹ Toe Jahoshua hulle skielik oorval - hy het die hele nag deur van Gílgal af opgetrek -

¹⁰ het יהוה hulle in verwarring gebring voor Jisra'ël, en hy het 'n groot slag

JAHOSHUA 10

onder hulle geslaan by Gib'on en hulle agtervolg op pad na die hoogte van Bêt Hōron en hulle verslaan tot by Aséka en tot by Makkēda.

¹¹ En toe hulle voor Jisra'ël uit vlug terwyl hulle op die afdraand van Bêt Hōron was, het יהוה groot haelstene uit die hemel op hulle gegooi tot by Aséka, sodat hulle gesterf deur; daar het meer gesterf deur die haelstene as wat die kinders van Jisra'ël met die swaard doodgeslaan het.

¹² Toe het Jahoshua met יהוה gepraat, op die dag dat יהוה die Amoriete aan die kinders van Jisra'ël oorgegee het, en voor die oë van Jisra'ël gesê: "Son, staan stil in Gib'on, en maan, in die vallei van Ajalon!"

¹³ Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande. Staan dit nie geskryf in die Boek van Jashar^c nie? En die son het bly staan in die middel van die hemel en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, omtrent 'n volle dag.

¹⁴ En daar was geen dag soos hierdie een, voor hom en ná hom, dat יהוה na die stem van 'n man geluister het nie; want יהוה het vir Jisra'ël gestry.

¹⁵ Daarop het Jahoshua, en die hele Jisra'ël met hom saam, na die laer van Gīlgal teruggekeer.

¹⁶ Maar daardie vyf konings het gevlug en weggekruip in die spelonk by Makkēda.

¹⁷ Toe aan Jahoshua geboodskap en gesê is: "Die vyf konings is gevind: hulle kruip weg in die spelonk by Makkēda" -

¹⁸ het Jahoshua gesê: "Rol groot klippe teen die ingang van die spelonk en stel mans daarby aan om hulle te bewaak.

¹⁹ "Maar julle, moenie bly staan nie; jaag julle vyande agterna en sny hulle agterhoede af; laat hulle nie toe om in hul stede in te kom nie, want יהוה julle Elohim gee hulle in julle hand."

²⁰ En toe Jahoshua en die kinders van Jisra'ël hulle heeltemal verslaan het met

'n baie groot slag totdat hulle vernietig was, en enkele uit hulle vrygeraak en in die vesting stede gegaan het,

²¹ het al die mans by die laer, by Jahoshua behoue teruggekom in Makkēda; niemand het teen die kinders van Jisra'ël sy tong verroer nie.

²² Daarop sê Jahoshua: "Maak oop die ingang van die spelonk en bring hierdie vyf konings uit die spelonk na my toe."

²³ Hulle het so gedoen en dié vyf konings uit die spelonk na hom gebring: die koning van Jarushalajim, die koning van Hebron, die koning van Jarmut, die koning van Lagish, die koning van Eglon.

²⁴ En toe hulle dié konings uitgebring het na Jahoshua, roep Jahoshua al die mans van Jisra'ël en sê aan die aanvoerders van die krygsmanne wat met hom saam getrek het: "Kom nader, sit julle voete op die nekke van hierdie konings"; en hulle het nader gekom en hul voete op hulle nekke gesit.

²⁵ En Jahoshua sê vir hulle: "Moenie bang of verbouereerd wees nie. Wees sterk en vol moed, want so sal יהוה met al julle vyande doen teen wie julle sal veg."

²⁶ En daarna het Jahoshua hulle neergeslaan en hulle doodgemaak en hulle aan vyf bome opgehang; en hulle het aan die bome bly hang tot die aand toe.

²⁷ En teen sonsondergang het Jahoshua bevel gegee om hulle van die bome af te haal en in die spelonk te gooi waarin hulle weggekruip het; en hulle het groot klippe voor die ingang van die spelonk gepak, wat vandag nog daar is.

²⁸ Daardie dag het Jahoshua ook Makkēda ingeneem en dit met die skerpte van die swaard verslaan; en sy koning, die stad self en al die siele wat daarin was, het hy met die banvloek getref sonder iemand te laat oorbly wat vrygeraak het; en met die koning van Makkēda het hy gedoen net soos met die koning van Jerigo.

²⁹ Toe trek Jahoshua oor en die hele Jisra'ël met hom saam van Makkēda na Libna om met Libna oorlog te voer.

^c ook bekend as "Die Boek van die Opregte"

JAHOSHUA 11

³⁰ En יהוה het dit ook met sy koning in die hand van Jisra'ël gegee, en hy het dit verslaan met die skerpte van die swaard en al die mense wat daarin was; hy het niemand daarin laat vrykom nie; en hy het met sy koning gedoen net soos met die koning van Jerigo.

³¹ Toe trek Jahoshua oor en die hele Jisra'ël met hom saam van Libna na Lagish om dit te beleër en daarteen te veg.

³² En יהוה het Lagish in die hand van Jisra'ël gegee, sodat hy dit ingeneem het op die tweede dag en dit met al die mense wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan het net soos hy met Libna gedoen het.

³³ Toe trek Horam, die koning van Geser, op om Lagish te help; maar Jahoshua het hom en sy volk verslaan totdat daar niemand van hom was wat vrygekome het nie.

³⁴ Daarop trek Jahoshua oor en die hele Jisra'ël met hom saam van Lagish na Eglon om dit te beleër en daarteen te veg.

³⁵ En hulle het dit ingeneem op dieselfde dag en dit verslaan met die skerpte van die swaard; en al die mense wat daarin was, het hy op dieselfde dag met die banvloek getref net soos hy met Lagish gedoen het.

³⁶ Toe trek Jahoshua op en die hele Jisra'ël met hom saam van Eglon na Hebron om daarteen te veg.

³⁷ En hulle het dit ingeneem en dit met sy koning en al sy stede en al die mense wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan sonder om iemand te laat oorbly wat vrygekome het, net soos hy met Eglon gedoen het: hy het dit met al die mense wat daarin was, met die banvloek getref.

³⁸ Daarop draai Jahoshua weg en die hele Jisra'ël met hom saam na Debir om daarteen te veg.

³⁹ En hy het dit geneem met sy koning en al sy stede; en hulle het hulle met die skerpte van die swaard verslaan en al die

mense wat daarin was, met die banvloek getref sonder om iemand te laat oorbly wat vrygekome het; soos hy met Hebron gedoen het, so het hy met Debir en sy koning gedoen, en soos hy met Libna en sy koning gedoen het.

⁴⁰ So het Jahoshua dan die hele land verslaan, die Gebergte en die Suidland en die Laeveld en die Hange met al hulle konings sonder om iemand te laat oorbly wat vrygekome het; en alles wat asemhaal, het hy met die banvloek getref, soos יהוה, die Elohim van Jisra'ël, beveel het.

⁴¹ En Jahoshua het hulle verslaan van Kačēš Barnēa af tot by Aza, en die hele land Goshen tot by Gib'on.

⁴² En al hierdie konings met hulle land het Jahoshua in een slag geneem, omdat יהוה, die Elohim van Jisra'ël, vir Jisra'ël gestry het.

⁴³ Daarna het Jahoshua en die hele Jisra'ël met hom saam na die laer van Gilgal teruggegaan.

11 En toe Jaḇin, die koning van Ḥatsor, dit hoor, het hy gestuur na Joḇab, die koning van Madon, en na die koning van Shimron en na die koning van Agshaf;

² verder na die konings in die Noorde, in die gebergte en op die Vlakte suid van Kinnerot en in die Laeveld en op die hoëveld van Dor in die weste;

³ na die Kanaänim in die ooste en in die weste en die Amoriete en Ḥetiete en Feresiete en Jeḇusiete op die gebergte en die Hewiete onderaan Ḥermon, in die land van Mitspa.

⁴ Hulle het dan uitgetrek en al hulle leërs saam met hulle, 'n volk talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte, met 'n groot getal perde en strydwaens;

⁵ en al hierdie konings het volgens afspraak byeengekom en saam laer opgeslaan by die waters van Mērom, om met Jisra'ël oorlog te voer.

⁶ Toe sê יהוה vir Jahoshua: "Wees vir hulle nie bevrees nie; want mōre omtrent sulke tyd sal Ek hulle, almal verslaan, aan Jisra'ël oorgee; hulle perde se

JAHOSHUA 12

hakskeenseninge moet jy afsny en hulle waens met vuur verbrand."

⁷ En Jahoshua met al die weerbare mans by hom het skielik op hulle afgekom by die waters van Mērom en hulle oorval.

⁸ En יהוה het hulle in die hand van Jisra'el gegee, sodat dié hulle verslaan en hulle agtervolg het tot by Groot-Tsidon en tot by Misrefot-Majim en tot by die laagte van Mitspe teen die ooste; en hulle het hul verslaan totdat daar niemand van hulle was wat vrygekom het nie.

⁹ En Jahoshua het met hulle gedoen soos יהוה aan hom gesê het: hulle perde se hakskeenseninge het hy afgesny en hulle strydwaens met vuur verbrand.

¹⁰ En in dié tyd het Jahoshua omgedraai en H̄atsor ingeneem en sy koning met die swaard verslaan; want H̄atsor was tevore die hoof van al daardie koninkryke.

¹¹ En hulle het al die mense wat daarin was, met die skerpte van die swaard verslaan en hulle met die banvloek getref; niks wat asemhaal, het oorgebly nie, en H̄atsor het hy met vuur verbrand.

¹² En al daardie koningstede met al hulle konings het Jahoshua geneem en hulle met die skerpte van die swaard verslaan; hy het hulle met die banvloek getref, soos Moshe, die dienaar van יהוה, beveel het.

¹³ Net al die stede wat op hulle heuwels gelê het, dié het Jisra'el nie verbrand nie, behalwe H̄atsor alleen - wat Jahoshua verbrand het.

¹⁴ En al die buit van daardie stede en die vee het die kinders van Jisra'el vir hulleself buitgemaak; net al die mense het hulle verslaan met die skerpte van die swaard, totdat hulle dié verdolg het; hulle het niks wat asemhaal, laat oorbly nie.

¹⁵ Soos יהוה Moshe, sy dienaar, beveel het, so het Moshe aan Jahoshua bevel gegee, en so het Jahoshua gehandel; hy het niks nagelaat van alles wat יהוה Moshe beveel het nie.

¹⁶ So het Jahoshua dan hierdie hele land

ingeneem: die Gebergte en die hele Suidland en die hele land Goshen en die Laeveld en die Vlakte en die gebergte van Jisra'el met sy laagte;

¹⁷ van die Berg H̄alak af, wat oploop na Sēir toe, tot by Baal-Gad in die laagte van die Leb̄anon onderaan die berg H̄ermon; en al hulle konings het hy gevang en hulle verslaan en hulle gedood.

¹⁸ Baie lank het Jahoshua met al hierdie konings oorlog gevoer.

¹⁹ Daar was geen stad wat met die kinders van Jisra'el vrede gesluit het nie, behalwe die H̄ewiete, die inwoners van Gib'on; alles het hulle met wapengeweld geneem.

²⁰ Want יהוה het dit so beskik dat hulle hul hardnekkig voorgeneem het om Jisra'el te bestry, sodat dié hulle met die banvloek sou tref, dat daar vir hulle geen guns sou wees nie; maar dat dié hulle sou verdolg, soos יהוה Moshe beveel het.

²¹ En in dié tyd het Jahoshua gekom en die Anakiete uitgeroei, uit die gebergte, uit H̄eb̄ron, Deb̄ir, Anab en uit die hele gebergte van Jahuda en die hele gebergte van Jisra'el; Jahoshua het hulle met hul stede saam met die banvloek getref.

²² Niemand van die Anakiete het oorgebly in die land van die kinders van Jisra'el nie; net in Aza, in Gat en in Ashdod het hulle oorgebly.

²³ So het Jahoshua dan die hele land ingeneem net soos יהוה met Moshe gepraat het; en Jahoshua het dit as 'n erfdeel aan Jisra'el gegee volgens hulle afdelings, volgens hulle stamme; en die land het gerus van oorlog.

12 En dit is die konings van die land wat die kinders van Jisra'el verslaan en wie se land hulle in besit geneem het oos van die Jardēn, teen sonop; van die Arnonrivier af tot by die berg H̄ermon, en die hele Vlakte teen die ooste:

² Shiḥon, die koning van die Amoriete wat in H̄eshbon gewoon het, wat geheers het van Aro'ër af wat aan die kant van

JAHOSHUA 13

die Arnonrivier lê: van die middel van die rivier af en oor die helfte van Gil'ad tot by die Jabbokrivier, die grens van die kinders van Ammon;

³ en oor die Vlakte tot by die Kinnerotsee, na die ooste toe, en tot by die See van die Vlakte, die Soutsee, oostelik in die rigting van Bêt-Jéshimot en teen die suide onderaan die hange van Pisga;

⁴ en die grondgebied van Og, die koning van Bashan, uit 'n oorblyfsel van die Refaïete, wat in Astarot en Edréi gewoon het,

⁵ en wat geheers het oor die gebergte Hermon en oor Salka en oor die hele Bashan tot by die grens van die Geshuriete en die Maägatiëte, en tot die helfte van Gil'ad, die grondgebied van Shiḥon, die koning van Heshbon.

⁶ Moshe, die dienaar van יהוה, en die kinders van Jisra'ël het hulle verslaan; en Moshe, die dienaar van יהוה, het dit as 'n besitting gegee aan die Reubêniëte en die Gadiete en die halwe stam van Manasshe.

⁷ En dit is die konings van die land wat Jahoshua en die kinders van Jisra'ël verslaan het, duskant die Jardën na die weste toe: van Baäl-Gad in die laagte van die Leḅanon af tot by die Kaal Berg wat oploop na Sëir toe; en Jahoshua het dit as 'n besitting aan die stamme van Jisra'ël gegee volgens hulle afdelings -

⁸ op die Gebergte en in die Laeveld en in die Vlakte en aan die hange en in die woestyn en in die Suidland: die Hetiëte, Amoriëte en Kanaänim, die Feresiëte, Hewiëte en Jebusiëte:

⁹ die koning van Jerigo, een; die koning van Ai wat langsaa Bêt Êl lê, een;

¹⁰ die koning van Jarushalajim, een; die koning van Heḅron, een;

¹¹ die koning van Jarmut, een; die koning van Lagish, een;

¹² die koning van Eglon, een; die koning van Geser, een;

¹³ die koning van Deḅir, een; die koning van Geder, een;

¹⁴ die koning van Ḥorma, een; die koning van Arad, een;

¹⁵ die koning van Libna, een; die koning van Adüllam, een;

¹⁶ die koning van Makkëda, een; die koning van Bêt Êl, een;

¹⁷ die koning van Tappuag, een; die koning van Hefer, een;

¹⁸ die koning van Afëk, een; die koning van Sháron, een;

¹⁹ die koning van Madon, een; die koning van Hatsuor, een;

²⁰ die koning van Shimron-Mëron, een; die koning van Agshaf, een;

²¹ die koning van Täänag, een; die koning van Meḡiddo, een;

²² die koning van Kedesh, een; die koning van Jókneam, by die Karmel, een;

²³ die koning van Dor, op die hoëveld van Dor, een; die koning van die heidene by Gilgal, een;

²⁴ die koning van Tirtsa, een - al die konings saam, een en dertig.

13 En toe Jahoshua oud en ver op sy dae was, het יהוה vir hom gesê: "Jy is oud en ver op jou dae, en daar het nog 'n baie groot stuk land oorgebly om in besit te neem.

² "Dit is die land wat oorgebly het: Al die landstrekke van die Palishtim en al die Gesuriëte,

³ van die Sihor aan die kant van Mitsrajim af tot by die grens van Ekron na die noorde, wat as Kanaänities gereken word; die vyf vorste van die Palishtim: dié van Aza en dié van Ashdod, dié van Ashkelon, dié van Gat en dié van Ekron, en die Awiëte

⁴ in die suide; die hele land van die Kanaänim en Méara wat aan die Tsidoniërs behoort, tot by Afëk, tot by die grens van die Amoriëte;

⁵ en die land van die Giḅaliëte en die hele Leḅanon aan die oostekant, van Baäl-Gad af, onderaan die berg Hermon, tot by die ingang na Hamat.

⁶ "Al die bewoners van die gebergte, van die Leḅanon af tot by Misrefot-Majim, al die Tsidoniërs - Ek self sal hulle voor die

JAHOSHUA 13

kinders van Jisra'ël uit verdryfe; laat dit net as erfdeel aan Jisra'ël val soos Ek jou beveel het.

⁷ “Verdeel dan nou hierdie land as erfdeel onder die nege stamme en die halwe stam van Manashshe.”

⁸ Saam met hom het die Reubëniete en die Gadiete hulle erfdeel ontvang wat Moshe oorkant die Jardën na die ooste toe aan hulle gegee het, soos Moshe, die dienaar van יהוה, dit aan hulle gegee het:

⁹ van Aro'ër af wat aan die kant van die Arnonrivier lê, die stad in die middel van die vallei, en die hele gelykveld van Mēdeḅa af tot by Diḅon;

¹⁰ en al die stede van Siḥon, die koning van die Amoriete wat in Heshbon regeer het, tot by die grens van die kinders van Ammon;

¹¹ en Gil'ad en die grondgebied van die Gesuriete en Maāgatiete en die hele berg Hermon en die hele Bashan tot by Salka;

¹² die hele koninkryk van Og in Bashan, wat koning was in Astarot en in Edrēi, wat oorgebly het uit die laastes van die Refaiete; en Moshe het hulle verslaan en verdryf.

¹³ Maar die kinders van Jisra'ël het die Geshuriete en Maāgatiete nie verdryf nie, sodat Geshur en Maāgat onder Jisra'ël gewoon het tot vandag toe.

¹⁴ Net aan die stam van Levi het hy geen erfdeel gegee nie: die vuuroffers van יהוה, die Elohim van Jisra'ël, dit is sy erfdeel, soos Hy hom beloof het.

¹⁵ En Moshe het aan die stam van die kinders van Reubëñ gegee volgens hulle geslagte;

¹⁶ sodat hulle die grondgebied ontvang het: van Aro'ër af wat aan die kant van die Arnonrivier lê, die stad in die middel van die vallei, en die hele gelykveld tot by Mēdeḅa;

¹⁷ Heshbon en al sy stede wat in die gelykveld lê, Diḅon en Bamot-Baäl en Bēt-Baäl-Meon

¹⁸ en Jatsa en Kedēmot en Měfaät;

¹⁹ en Kirjatáim en Siḅma en Tseret-

Shaḥar, op die gebergte van die vallei,

²⁰ en Bēt-Peor en die hange van die Pisga en Bēt-Jésimot;

²¹ en al die stede van die gelykveld en die hele koninkryk van Siḥon, die koning van die Amoriete wat in Heshbon geregeer het, wat Moshe verslaan het saam met die vorste van Midjan: Ewi en Rekem en Tsur en Hur en Reḅa, die vorste van Siḥon, inwoners van die land.

²² By hulle dooies het die kinders van Jisra'ël ook Bil'am, die seun van Beor, die waarséer, met die swaard gedood.

²³ So was dan die grens van die kinders van Reubëñ: die Jardën saam met sy gebied; dit was die erfdeel van die kinders van Reubëñ volgens hulle geslagte, die stede met hulle dorpe.

²⁴ En Moshe het aan die stam van Gad, die kinders van Gad, gegee volgens hulle geslagte;

²⁵ sodat hulle die grondgebied ontvang het van Jaéser en al die stede van Gil'ad en die helfte van die land van die kinders van Ammon, tot by Aro'ër wat teenoor Rabba lê,

²⁶ van Heshbon af tot by Ramat-Mitspe en Bétonim; en van Maḥanájim af tot by die grens van Deb'ir;

²⁷ en in die vallei: Bēt-Haram en Bēt-Nimra en Sukkot en Tsafon, die oorblyfsel van die koninkryk van Siḥon, die koning van Heshbon, die Jardën saam met sy gebied, tot by die uiteinde van die Kinnéretsee, oorkant die Jardën na die ooste toe.

²⁸ Dit is die erfdeel van die kinders van Gad volgens hulle geslagte, die stede met hulle dorpe.

²⁹ Verder het Moshe aan die halwe stam van Manashshe gegee; sodat die halwe stam van die kinders van Manashshe ontvang het volgens hulle geslagte -

³⁰ hulle grondgebied was: van Maḥanájim af, die hele Bashan, die hele koninkryk van Og, die koning van Bashan, en al die dorpe van Ja'ir in Bashan, sestig stede;

³¹ en die halwe Gil'ad en Ashtarot en Edrēi, stede van die koninkryk van Og in

JAHOSHUA 15

Bashan, aan die kinders van Magir, die seun van Manashe - aan die helfte van die kinders van Magir volgens hulle geslagte.

³² Dit is wat Moshe as erfenis uitgedeel het in die vlaktes van Moab, oos van die Jardën van Jerigo teen die ooste;

³³ maar aan die stam van Levi het Moshe geen erfdeel gegee nie; יהוה, die Elohim van Jisra'ël, is self hulle erfdeel, soos Hy hulle beloop het.

14 En dit is wat die kinders van Jisra'ël as erfdeel in die land Kanaän ontvang het, wat El'ásar, die priester, en Jahoshua, die seun van Nun, en die familiehoofde van die stamme van die kinders van Jisra'ël aan hulle as erfenis uitgedeel het

² deur verloting van hulle erfdeel, soos יהוה deur die diens van Moshe beveel het, met betrekking tot die nege en 'n halwe stam.

³ Want Moshe het die erfdeel van die twee en 'n halwe stam oos van die Jardën gegee, maar aan die Leviete het hy geen erfdeel onder hulle gegee nie.

⁴ Want die kinders van Josëf was twee stamme: Manashe en Efrajim; maar aan die Leviete het hulle geen aandeel in die land gegee nie, behalwe stede om in te woon, met hulle weiveld vir hulle vee en hulle goed.

⁵ Soos יהוה Moshe beveel het, so het die kinders van Jisra'ël gedoen en die land verdeel.

⁶ Toe het die kinders van Jahuda nader gekom na Jahoshua in Gilgal, en Kalëb, die seun van Jafunne, die Kenizi, het vir hom gesê: "U weet die woord wat יהוה met Moshe, die man van Elohim in Kačësh-Barnëa gepraat het met betrekking tot my en met betrekking tot u.

⁷ "Veertig jaar was ek oud toe Moshe, die dienaar van יהוה, my uitgestuur het van Kačësh-Barnëa af om die land te verken, en ek het hom berig gebring soos dit in my hart was;

⁸ maar my broers wat saam met my

opgetrek het, het die hart van die volk laat versmelt, terwyl ek volgehou het om יהוה my Elohim te volg.

⁹ "En dié dag het Moshe gesweer en gesê: 'Waarlik, die land wat jou voet betree het, sal aan jou en aan jou kinders in ewigheid as 'n erfdeel behoort, omdat jy volgehou het om יהוה my Elohim te volg.'

¹⁰ "En nou, kyk, יהוה het my laat lewe, soos Hy gesê het, nou al vyf en veertig jaar sedert יהוה hierdie woord met Moshe gepraat het toe Jisra'ël in die woestyn getrek het; en kyk nou, ek is vandag vyf en tagtig jaar oud;

¹¹ ek is vandag nog so sterk soos die dag toe Moshe my uitgestuur het; soos my krag toe was, so is my krag nou nog, om te veg en om uit te gaan en in te gaan.

¹² "Gee my dan nou hierdie bergland waarvan יהוה daardie dag gepraat het; want u self het dié dag gehoor dat daár Anakiete is en groot versterkte stede. Indien יהוה met my sal wees, sal ek hulle kan verdryf, soos יהוה gesê het."

¹³ Toe het Jahoshua hom geseën en aan Kalëb, die seun van Jafunne, Hebron as erfdeel gegee.

¹⁴ Daarom het Hebron die erfdeel geword van Kalëb, die seun van Jafunne, die Kenizi, tot vandag toe, omdat hy volgehou het om יהוה, die Elohim van Jisra'ël, te volg.

¹⁵ En die naam van Hebron was tevore stad van Arba; hy was die grootste man onder die Anakiete. En die land het gerus van oorlog.

15 En vir die stam van die kinders van Jahuda, volgens hulle geslagte, het die lot geval: teen die grens van Edom, suidelik na die woestyn Tsin toe, tot ver in die suide;

² en hulle suidelike lyn was van die end van die Soutsee, van die tong af wat na die suide toe uitsteek;

³ en dit loop aan suid van Akrabbimhoogte^d en loop oor na Tsin en

^d Skerpioennek

loop op suid van Kačěsh-Barněa en loop oor na Hetsron en loop op na Addar en swaai na Karka toe;

⁴ dan loop dit oor na Atsmon en loop aan na die spruit van Mitsrajim, sodat die lyn doodloop by die see; dit sal julle suidelike lyn wees.

⁵ En die oostelike lyn: Die Soutsee tot by die mond van die Jarděn. En die lyn aan die noordekant: Van die tong van die see, van die mond van die Jarděn af

⁶ loop die lyn op na Bět-Ĥoġla en loop oor noord van Bět-Araġa; dan loop die lyn op na die klip van Bohan, die seun van Reuběn.

⁷ Verder loop die lyn op na Debġir, van die vallei Agor af, en swaai dan noord na Ġilġal wat teenoor die hoogte van Adummim, suidelik van die spruit lê; dan loop die lyn oor na die waters van die fontein Shemesh, sodat dit doodloop by die fontein Rogěl.

⁸ Verder loop die lyn op na die vallei Ben-Hinnom, na die suidelike hang van die Jebusiete, dit is Jarushalajim; dan loop die lyn op na die top van die gebergte wat westelik voor die vallei Hinnom lê, wat aan die noordelike einde van die vallei Refa'im is.

⁹ Van die top van die berg af buig die lyn dan om na die fontein van die waters van Neftoag en loop aan na die stede van die gebergte Efron; verder buig die lyn om na Baała, dit is Kirjat-Je'arim.

¹⁰ Dan swaai die lyn van Baała af weg in westelike rigting na die gebergte Sěir en loop oor na die noordelike hang van die berg Je'arim, dit is Kěsalon, en loop af na Bět-Shemesh en loop oor na Timna.

¹¹ Verder loop die lyn aan noord na die hang van Ekron; dan buig die lyn om na Sikron en loop oor die berg Baała en loop aan na Jabne'el, sodat die lyn doodloop by die see.

¹² Die westelike grens was die Groot See saam met sy gebied; dit is die lyn rondom van die kinders van Jahuda volgens hulle geslagte.

¹³ Maar aan Kalěb, die seun van Jafunne,

het hy 'n aandeel onder die kinders van Jahuda gegee, volgens die bevel van יהוה aan Jahoshua: die stad van Arba, die vader van Enak, dit is Hebron.

¹⁴ En Kalěb het die drie seuns van Enak: Sesai, Ahiman en Talmaj, afstammeling van Enak, daaruit verdryf.

¹⁵ En daarvandaan het hy opgetrek teen die inwoners van Debġir; maar die naam van Debġir was tevore Kirjat-Sěfer;

¹⁶ en Kalěb het gesê: Hy wat Kirjat-Sěfer verslaan en dit inneem, aan hom sal ek my dogter Agsa as vrou gee.

¹⁷ Daarop het Otni'el, die seun van Kenas, die broer van Kalěb, dit ingeneem; en hy het sy dogter Agsa aan hom as vrou gegee.

¹⁸ En toe sy aankom, het sy hom aangespoor om van haar vader 'n stuk grond te vra; en toe sy van die esel afklim, sê Kalěb vir haar: "Wat wil jy hê?"

¹⁹ En sy sê: "Gee my tog 'n geskenk; omdat u my na 'n dor land versit het, moet u my waterfonteine gee." Toe gee hy haar fonteine op die hoogte en fonteine in die laagte.

²⁰ Dit is die erfdeel van die stam van die kinders van Jahuda, volgens hulle geslagte.

²¹ En die stede van die uiteinde van die stam van Jahuda se kinders af tot by die grens van Edom was in die suide: Kábse'el en Eder en Jagur,

²² en Kina en Dimóna en Adáda,

²³ en Kedes en Ĥatsor en Jitnan,

²⁴ Sif en Telem en Béalot,

²⁵ en Ĥatsor-Hadátta en Kériot-Hetsron, dit is Ĥatsor;

²⁶ Amam en Shema en Mólada,

²⁷ en Ĥatsar-Gadda en Ĥeshmon en Bět-Pelet,

²⁸ en Ĥatsar-Shual en Be'ěr-Sheġa en Bisjótja,

²⁹ Baała en Ijjim en Etsem,

³⁰ en Ełtolad en Kesil en Ĥorma,

³¹ en Tsiġlag en Madmónna en Sansánna,

³² en Lebáot en Shilġim en Ajin en Rimmon; al die stede saam nege en twintig, met hulle dorpe;

JAHOSHUA 17

³³ in die Laeveld: Eshtáol en Tsór'a en

Ashna,

³⁴ en Sanóag en Ęn-Gannim, Tappúag en Ęnam,

³⁵ Jarmut en Adúllam, Sogo en Asěka,

³⁶ en Shaárájim en Aditajim en Gedéra en Gedérotajim: veertien stede met hulle dorpe;

³⁷ Tsenan en Ĥadása en Migdal-Gad,

³⁸ en Dilean en Mitspe en Jókte'ěl,

³⁹ Lagish en Botskat en Eglon,

⁴⁰ en Kabbon en Lagmam en Kitlish,

⁴¹ en Gedérot, Bět-Dagon en Náama en Makkěda: sestien stede met hulle dorpe;

⁴² Libna en Eter en Ashan,

⁴³ en Jiftag en Ashna en Netsib,

⁴⁴ en Ke'ila en Agsib en Marěsha: nege stede met hulle dorpe;

⁴⁵ Ekron met sy onderhorige plekke en sy dorpe;

⁴⁶ van Ekron af en na die weste toe, alles wat aan die kant van Ahsdod lê, met hulle dorpe;

⁴⁷ Ashdod, sy onderhorige plekke en sy dorpe; Aza, sy onderhorige plekke en sy dorpe, tot by die spruit van Mitsrajim en die Groot See saam met sy gebied;

⁴⁸ en op die Gebergte: Shamur en Jattir en Sogo,

⁴⁹ en Danna en Kirjat-Sanna, dit is Debir,

⁵⁰ en Anab en Eshtëmo en Anim,

⁵¹ en Goshen en Ĥolon en Gilo: elf stede met hulle dorpe;

⁵² Arab en Duma en Esh'an,

⁵³ en Janum en Bět-Tappúag en Afěka,

⁵⁴ en Ĥumta en Kirjat-Arba, dit is Ĥebron, en Tsiar: nege stede met hulle dorpe;

⁵⁵ Maon, Karmel en Sif en Jutta,

⁵⁶ en Jisre'ěl en Jókdam en Sanóag,

⁵⁷ Kain, Gibea en Timna: tien stede met hulle dorpe;

⁵⁸ Ĥalĥul, Bět-Tsur en Gedor,

⁵⁹ en Máarat en Bět-Anot en Éltekon: ses stede met hulle dorpe;

⁶⁰ Kirjat-Baál, dit is Kirjat-Je'árim, en Rabba: twee stede met hulle dorpe;

⁶¹ in die woestyn: Bět-Araĥa, Middin en Segága,

⁶² en Nibshan en die Soutstad en Ęn-

Gedi: ses stede met hulle dorpe.

⁶³ Maar die kinders van Jahuda kon die Jebusiete, die inwoners van Jarushalajim, nie verdryf nie; daarom het die Jebusiete saam met die kinders van Jahuda in Jarushalajim bly woon tot vandag toe.

16 En die lot het uitgekome vir die kinders van Josěf: van die Jarděn van Jerigo af, oostelik van die waters van Jerigo, na die woestyn wat van Jerigo af ooploop in die gebergte, na Bět Ęl;

² verder loop dit van Bět Ęl af aan na Lus en loop oor na die grondgebied van die Arkiete, na Atarot;

³ dan loop dit af in die weste na die grondgebied van die Jafłétiete, tot by die gebied van Bět-Ĥoron-Onder en tot by Geser, sodat dit doodloop by die see.

⁴ So het dan die seuns van Josěf, Manashshe en Efrajim, 'n erfdeel ontvang.

⁵ En dit was die grondgebied van die kinders van Efrajim volgens hulle geslagte - die lyn van hulle erfdeel was, in die ooste: Atarot-Addar tot by Bět-Ĥoron-Bo;

⁶ dan loop die lyn aan na die see; in die noorde: Migmetat; dan swaai die lyn in oostelike rigting na Táanat-Shilo en loop oos daarvan oor na Janóga;

⁷ en van Janóga loop dit af na Atarot en Ná'ara en raak dan aan Jerigo en loop op die Jarděn uit.

⁸ Van Tappúag af loop die lyn in westelike rigting na die spruit Kana; verder loop dit dood by die see. Dit is die erfdeel van die stam van die kinders van Efrajim volgens hulle geslagte;

⁹ en die stede wat vir die kinders van Efrajim afgesonder was in die erfdeel van die kinders van Manashshe, al die stede met hulle dorpe.

¹⁰ Maar hulle het die Kanaanim, die inwoners van Geser, nie verdryf nie; so het dan die Kanaanim onder Efrajim bly woon tot vandag toe; maar hulle moes dwangarbeid verrig.

17 Verder was dit die lot vir die stam

JAHOSHUA 17

van Manashshe, omdat hy die eersgeborene van Josëf was: Magir, die eersgeborene van Manashshe, die vader van Gil'ad, het, omdat hy 'n krygsman was, Gil'ad en Bashan ontvang;

² ook die ander kinders van Manashshe, volgens hulle geslagte, het 'n aandeel ontvang: die kinders van Abiëser en die kinders van Helek en die kinders van Asri'ël en die kinders van Shekem en die kinders van Hëfer en die kinders van Shemida; dit is die manlike kinders van Manashshe, die seun van Josëf, volgens hulle geslagte.

³ Maar Selófhad, die seun van Hefer, die seun van Gil'ad, die seun van Magir, die seun van Manashshe, het nie seuns gehad nie, maar net dogters; en dit is die name van sy dogters: Magla en Noa, Hogla, Milka en Tirsa;

⁴ en hulle het nader gekom voor El'ásar, die priester, en voor Jahoshua, die seun van Nun, en voor die owerstes, en gesê: "יהוה het Moshe beveel om ons 'n erfdeel te gee onder ons broers." Daarop het hy hulle 'n erfdeel gegee, volgens die bevel van יהוה, onder die broers van hulle vader.

⁵ So het dan aan Manashshe tien aandeel geval, behalwe die land Gil'ad en Bashan wat oorkant die Jardën lê.

⁶ Want die dogters van Manashshe het 'n erfdeel ontvang onder sy seuns, terwyl die land Gil'ad aan die ander kinders van Manashshe behoort het.

⁷ En die lyn van Manashshe was: van Ashër af na Migmetat, teenoor Shekem; dan loop die lyn regs na die inwoners van Èn-Tappúag -

⁸ die landstreek van Tappúag het behoort aan Manashshe, maar Tappúag, aan die grens van Manashshe, aan die kinders van Efrajim - ;

⁹ verder loop die lyn af na die spruit Kana, suid van die spruit: daardie stede, onder die stede van Manashshe, behoort aan Efrajim; en die lyn van Manashshe is noord van die spruit en loop dood by die see.

¹⁰ Suid behoort dit aan Efrajim, maar noord aan Manashshe; en die see is sy lyn; dan raak hulle in die noorde aan Ashër en in die ooste aan Jissaskar.

¹¹ En aan Manashshe behoort in Jissaskar en Ashër: Bêt-She'an met sy onderhorige plekke en Jibleam met sy onderhorige plekke en die inwoners van Dor met sy onderhorige plekke en die inwoners van Èn-Dor met sy onderhorige plekke en die inwoners van Táanag met sy onderhorige plekke en die inwoners van Megiddo met sy onderhorige plekke, die drie hoogtes.

¹² Maar die kinders van Manashshe kon hierdie stede nie in besit neem nie, en die Kanaänim het verkies om in dié land te bly woon.

¹³ En toe die kinders van Jisra'ël sterker geword het, het hulle die Kanaänim dienspligtig gemaak, maar hulle nie geheel en al verdryf nie.

¹⁴ Toe het die kinders van Josëf met Jahoshua gepraat en gesê: "Waarom het u my as erfdeel net een lot en een aandeel gegee terwyl ek tog 'n groot volk is, omdat יהוה my tot hiertoe geseën het?"

¹⁵ En Jahoshua het vir hulle gesê: "Indien jy 'n groot volk is, trek dan op na die boswêreld en kap vir jou daar 'n plek skoon in die land van die Feresiete en Refaiete, ingeval die gebergte van Efrajim vir jou te nou is."

¹⁶ Maar die kinders van Josëf het gesê: "Die gebergte sal nie vir ons genoeg wees nie, en al die Kanaänim wat in die lae streke woon, het ysterwaens, dié van Bêt-She'an met sy onderhorige plekke sowel as dié van die laagte van Jisre'ël."

¹⁷ Toe het Jahoshua met die huis van Josëf, met Efrajim en Manashshe gepraat en gesê: "Jy is 'n groot volk en jy het groot krag: jy sal nie net een lot hê nie;

¹⁸ want die gebergte sal joune wees - 'n boswêreld is dit, en jy moet dit skoonkap; dan sal die uitlopers daarvan joune wees; want jy moet die Kanaänit

JAHOSHUA 18

verdryf, al het hy ysterwaens, al is hy sterk.”

18 Daarop het die hele vergadering van die kinders van Jisra'ël in Shilo byeengekom en daar die tent van samekoms opgeslaan, aangesien die land voor hulle onderwerp was.

² Maar daar was onder die kinders van Jisra'ël nog sewe stamme oor wie se erfenis hulle nie verdeel het nie.

³ Toe sê Jahoshua aan die kinders van Jisra'ël: “Hoe lank sal julle jul so traag hou om die land in besit te gaan neem wat יהוה, die Elohim van julle vaders, aan julle gegee het?”

⁴ “Bring nou drie man uit elke stam, dat ek hulle kan uitstuur, en dat hulle kan klaarmaak en die land deurgaan en dit beskryf met die oog op hulle erfdeel; dan moet hulle na my toe kom

⁵ en dit onder mekaar in sewe dele verdeel: Jahuda moet sy gebied in die suide behou, en die huis van Josëf moet sy gebied in die noorde behou.

⁶ “Maar julle moet die land in sewe dele beskryf en die beskrywing hier na my toe bring; dan sal ek vir julle die lot werp, hier voor die aangesig van יהוה ons Elohim.

⁷ “Maar die Leviëte het geen aandeel onder julle nie, omdat die priesterskap van יהוה hulle erfdeel is; en Gad en Reuḇēn en die halwe stam van Manashe het hulle erfdeel ontvang oorkant die Jardēn in die ooste, wat Moshe, die dienaar van יהוה, hulle gegee het.”

⁸ Die mans het toe klaargemaak en gegaan; en by hulle vertrek het Jahoshua hulle bevel gegee om die land te beskryf, met die woorde: “Gaan, trek rond in die land en beskryf dit, en kom na my terug; dan sal ek hier vir julle die lot werp voor die aangesig van יהוה in Shilo.”

⁹ En die mans het gegaan en die land deurgetrek en dit in ḥ boek beskryf, volgens die stede, in sewe dele, en na Jahoshua gekom in die laer van Shilo.

¹⁰ Toe het Jahoshua vir hulle die lot

gewerp in Shilo, voor die aangesig van יהוה; en Jahoshua het die land daar onder die kinders van Jisra'ël verdeel volgens hulle afdelings.

¹¹ En die lot het opgekom van die stam van die kinders van Binjamin volgens hulle geslagte; en die gebied wat vir hulle deur die lot aangewys is, het uitgekome tussen die kinders van Jahuda en die kinders van Josëf;

¹² en hulle lyn aan die noordekant was: van die Jardēn af; dan loop die lyn op na die noordelike hang van Jerigo, en dit loop op in die gebergte in westelike rigting en loop dood by die woestyn van Bēt-Awen;

¹³ en daarvandaan loop die lyn oor na Lus, na die suidelike hang van Lus, dit is Bēt Ēl; verder loop die lyn af na Atarot-Addar, op die gebergte wat suid lê van Bēt-Ḥoron-Onder;

¹⁴ dan buig die lyn om en swaai na die westekant, teen suid, van die gebergte wat suid teenoor Bēt-Ḥoron lê; verder loop dit dood by Kirjat-Baāl, dit is Kirjat-Je'árim, die stad van die kinders van Jahuda; dit is die westekant;

¹⁵ en die suidekant begin by die uiteinde van Kirjat-Je'árim; en die lyn loop aan in die weste en dan na die waterfontein van Neftóag;

¹⁶ dan loop die lyn af na die uiteinde van die berg wat teenoor die vallei Ben-Hinnom, noordelik in die vallei van Refaim lê; dan loop dit af na die vallei Hinnom, na die suidelike hang van die Jebusiete, en loop af na die fontein Rogël;

¹⁷ verder buig dit noord om en loop aan na die fontein Shemesh; dan loop dit aan na die klipkrale wat teenoor die hoogte van Adúmmim lê, en loop af na die klip van Bohan, die seun van Reuḇēn;

¹⁸ dan gaan dit oor na die hang teenoor die Araba in noordelike rigting en loop af na die Araba;

¹⁹ verder loop die lyn oor na die hang van Bēt-Hogla in noordelike rigting; dan loop die lyn dood by die noordelike tong van

die Soutsee, aan die mond van die Jardĕn in die suide; dit is die suidelike lyn;

²⁰ en die Jardĕn begrens dit aan die oostekant. Dit is die erfdeel van die kinders van Benjamin na hulle geslagte, volgens sy lyne rondom.

²¹ En die stede van die stam van die kinders van Benjamin, volgens hulle geslagte, was: Jerigo en Bĕt-Hogla en Ēmek-Kesis,

²² en Bĕt-Araĕa en Tsemarājim en Bĕt Ēl, ²³ en Awim en Para en Ofra,

²⁴ en Kefar-Haāmóni en Ofni en Gaĕa: twaalf stede met hulle dorpe;

²⁵ Gib'on en Rama en Be'ĕrot,

²⁶ en Mitspe en Kefira en Mosa,

²⁷ en Rekem en Jirpe'ĕl en Táraal,

²⁸ en Tsela, Elef en Jebúsi, dit is Jarushalajim, Gib'at, Kirjat: veertien stede met hulle dorpe. Dit is die erfdeel van die kinders van Benjamin volgens hulle geslagte.

19 En die tweede lot het uitgekom vir Shim'on, vir die stam van die kinders van Shim'on volgens hulle geslagte; en hulle erfdeel was in die middel van die erfdeel van die kinders van Jahuda.

² En hulle het in hulle erfdeel gehad: Be'ĕr-Sheĕa en Sheĕa en Mólada,

³ en Ĥatsar-Shual en Bala en Etssem,

⁴ en Eltólád en Betul en Ĥorma,

⁵ en Tsiklag en Bĕt-Markábot en Ĥatsar-Susa,

⁶ en Bĕt-Leĕaót en Sharúĥen: dertien stede met hulle dorpe;

⁷ Ajin, Rimmon en Eter en Ashan: vier stede met hulle dorpe;

⁸ en al die dorpe wat rondom hierdie stede was, tot by Báálat-Be'ĕr, Rama Negeĕb. Dit is die erfdeel van die stam van die kinders van Shim'on volgens hulle geslagte.

⁹ Uit die aandeel van die kinders van Jahuda is die erfdeel van die kinders van Shim'on, omdat die deel van die kinders van Jahuda vir hulle te groot was; daarom het die kinders van Shim'on geërf in die middel van hulle erfdeel.

¹⁰ En die derde lot het opgekom vir die kinders van Sébulon volgens hulle geslagte, en die lyn van hulle erfdeel was tot by Sarid.

¹¹ En hulle lyn loop op in westelike rigting na Marála en raak aan Dabbéshet en aan die spruit wat teenoor Jókneam loop;

¹² en van Sarid af swaai dit na die oostekant, teen sonop, na die gebied van Kishlot-Taĕbor, en loop aan na Daĕberat en loop op na Jáfija;

¹³ en daarvandaan loop dit oor na die ooste teen sonop, na Gat-Ĥĕfer, na Et-Katsin, en loop aan na Rimmon wat hom na Nĕa toe uitstrek;

¹⁴ dan swaai die lyn noord daaromheen na Ĥannáton en loop dood by die vallei Jiftag-Ēl;

¹⁵ en Kattat en Náhalal en Shimron en Jídala en Bĕt Leĕhem: twaalf stede met hulle dorpe.

¹⁶ Dit was die erfdeel van die kinders van Sébulon volgens hulle geslagte; hierdie stede met hulle dorpe.

¹⁷ Vir Jissasĕar het die vierde lot uitgekom, vir die kinders van Jissasĕar volgens hulle geslagte;

¹⁸ en hulle grondgebied was na Jisreĕl toe en Kesúllot en Shunĕm,

¹⁹ en Hafarājim en Tsijon en Anagárat,

²⁰ en Rabbit en Kishjon en Ebets,

²¹ en Remet en Ēn-Gannim en Ēn-Ĥadda en Bĕt-Patstsĕts;

²² en die lyn raak aan Taĕbor en Shaĥatsima en Bĕt-Shemesh, en hulle gebied loop dood by die Jardĕn: sestien stede met hulle dorpe.

²³ Dit is die erfdeel van die stam van die kinders van Jissasĕar volgens hulle geslagte, die stede met hulle dorpe.

²⁴ En die vyfde lot het uitgekom vir die stam van die kinders van Ashĕr volgens hulle geslagte;

²⁵ en hulle gebied was: Ĥelkat en Ĥali en Beten en Agshaf,

²⁶ en Allamméleg en Amad en Mish'al; en raak in die weste aan berg Karmel en aan Shiĥor-Liĕnat;

²⁷ dan draai dit teen sonop na Bĕt-Dagon

JAHOSHUA 20

en raak aan Sébulo en die vallei Jiftag-Él in die noorde, Bêt-Émek en Neh'él, en loop aan links by Kabul;

²⁸ en Hebron en Rehob en Hammon en Kana tot by Groot-Tsidon;

²⁹ dan draai die lyn na Rama en tot by die vesting Tsor; dan draai die lyn na Hosa en loop dood by die see, van die landstreek af wat na Agsiþ toe lê;

³⁰ en Umma en Afëk en Rehob: twee en twintig stede met hulle dorpe.

³¹ Dit is die erfdeel van die stam van die kinders van Ashër volgens hulle geslagte; hierdie stede met hulle dorpe.

³² Vir die kinders van Náfali het die sesde lot uitgekom, vir die kinders van Náfali volgens hulle geslagte;

³³ en hulle lyn was van Helef, van die eikeboom by Tsaánánnim af, en Adámi-Nekeþ en Jabne'él tot by Lakkum, en dit loop dood by die Jardën;

³⁴ dan draai die lyn in westelike rigting na Asnot-Tabor en loop daarvandaan aan na Hukok en raak in die suide aan Sébulo; en aan Ashër raak dit in die weste, en aan Jahuda aan die Jardën in die ooste;

³⁵ en die vesting stede: Tsiddim, Tsër en Hammat, Rakkat en Kinnéret,

³⁶ en Adama en Rama en Hators,

³⁷ en Kedesch en Edréi en Én-Hators,

³⁸ en Jiron en Migdal-Él, Horeëm en Bêt-Anat en Bêt-Shemesh: negentien stede met hulle dorpe.

³⁹ Dit is die erfdeel van die stam van die kinders van Náfali volgens hulle geslagte, die stede met hulle dorpe.

⁴⁰ Vir die stam van die kinders van Dan, volgens hulle geslagte, het die sewende lot uitgekom.

⁴¹ En die lyn van hulle erfdeel omvat: Tsóra en Eshtáol en Ir-Shemesh,

⁴² en Saälábbin en Ajalon en Jitla,

⁴³ en Élon en Timnáta en Ekron,

⁴⁴ en Élteké en Gibbeton en Báálat,

⁴⁵ en Jehud en Benëi-Berak en Gat-Rimmon.

⁴⁶ en Më-Jarkon en Rakkon, met die gebied teenoor Jafo.

⁴⁷ Maar die kinders van Dan het hulle

grondgebied kwytgeraak; daarom het die kinders van Dan opgetrek en teen Leshem geveg en dit ingeneem en verslaan met die skerpte van die swaard en dit in besit geneem en daarin gewoon; en hulle het Leshem Dan genoem na die naam van hulle vader Dan.

⁴⁸ Dit is die erfdeel van die stam van die kinders van Dan volgens hulle geslagte; hierdie stede met hulle dorpe.

⁴⁹ Toe hulle die land volgens sy grenslyne as erfenis geheel verdeel het, het die kinders van Jisra'él aan Jahoshua, die seun van Nun, 'n erfdeel onder hulle gegee;

⁵⁰ op bevel van יהוה het hulle hom die stad gegee wat hy gevra het, Timnat-Serag op die geberge van Efrajim; en hy het die stad opgebou en daarin gaan woon.

⁵¹ Dit is die erfdele wat El'ásar, die priester, en Jahoshua, die seun van Nun, en die familiehoofde aan die stamme van die kinders van Jisra'él as erfenis uitgedeel het deur die lot, in Shilo, voor die aangesig van יהוה, by die ingang van die tent van samekoms; en hulle het die verdeling van die land beëindig.

20 En יהוה het met Jahoshua gepraat en gesê:

² "Praat met die kinders van Jisra'él en sê: 'Wys die vrystede vir julle aan waarvan Ek deur die diens van Moshe met julle gepraat het,

³ dat hy wat 'n doodslag begaan het - wat per abuis, sonder opset, 'n mens doodgeslaan het, daarheen kan vlug, sodat dié vir julle kan dien as toevlugsoord vanweë die bloedwreker.

⁴ 'Hy sal dan na een van hierdie stede toe vlug en gaan staan by die ingang van die stadspoort en sy saak voor die ore van die oudstes van daardie stad meedeel, moet hulle hom by hulle in die stad opneem en aan hom plek gee, dat hy by hulle kan woon;

⁵ en wanneer die bloedwreker hom agternajaag, mag hulle hom wat die

JAHOSHUA 21

doodslag begaan het, nie aan hom uitlewer nie, omdat hy sy naaste sonder opset doodgeslaan het, sonder dat hy hom gister en eergister vyandig was;

⁶ en hy moet in daardie stad bly totdat hy voor die vergadering tereggestaan het, tot op die dood van die hoëpriester wat in dié dae daar sal wees; dan mag hy wat die doodslag begaan het, weer na sy stad en sy huis terugkeer, na die stad waar hy vandaan gevlug het.”

⁷ Daarop het hulle afgesonder: Kedesh in Galil, op die gebergte van Náftali, en Shekem op die gebergte van Efrajim, en Kirjat-Arba, dit is Hebron, op die gebergte van Jahuda;

⁸ en oorkant die Jardēn, oos van Jerigo, het hulle afgestaan: Betser in die woestyn op die gelykveld, uit die stam van Reubēn, en Ramot in Gil'ad, uit die stam van Gad, en Golan in Bashan uit die stam van Manashshe.

⁹ Dit is die stede wat bepaal was vir al die kinders van Jisra'el en vir die vreemdeling wat onder hulle vertoef; sodat elkeen wat per abuis 'n mens doodgeslaan het, daarheen sou kan vlug en nie hoef te sterf deur die hand van die bloedwreker voordat hy voor die vergadering gestaan het nie.

21 Toe het die familiehoofde van die Leviete nader gekom na El'ásar, die priester, en na Jahoshua, die seun van Nun, en na die familiehoofde van die stamme van die kinders van Jisra'el, ² en met hulle gepraat in Shilo, in die land Kanaän, en gesê: “יהוה het deur die diens van Moshe bevel gegee dat aan ons stede afgestaan moet word om in te woon, met hulle weiveld vir ons vee.”

³ Toe het die kinders van Jisra'el aan die Leviete, volgens die bevel van יהוה, uit hulle erfdeel die volgende stede met hulle weiveld afgestaan:

⁴ Die lot het uitgekome vir die geslagte van die Kehatiete; en die kinders van Aharon, die priester, uit die Leviete, het ontvang uit die stam van Jahuda en uit die stam van Shim'on en uit die stam van

Binjamin, deur die lot, dertien stede;

⁵ en die ander kinders van Kehat, uit die geslagte van die stam van Efrajim en uit die stam van Dan en uit die halwe stam van Manashshe, deur die lot, tien stede;

⁶ en die kinders van Gēreshon, uit die geslagte van die stam van Jissaskar en uit die stam van Ashēr en uit die stam van Náftali en uit die halwe stam van Manashshe in Bashan, deur die lot, dertien stede;

⁷ en die kinders van Merári, volgens hulle geslagte, uit die stam van Reubēn en uit die stam van Gad en uit die stam van Sébulon, twaalf stede.

⁸ So het dan die kinders van Jisra'el aan die Leviete hierdie stede met hulle weiveld deur die lot gegee, soos יהוה deur die diens van Moshe beveel het.

⁹ Verder het hulle, uit die stam van die kinders van Jahuda en uit die stam van die kinders van Shim'on, hierdie stede gegee wat hulle met hul name genoem het:

¹⁰ die kinders van Aharon dan, uit die geslagte van die Kehatiete, uit die kinders van Levi, het ontvang - want die eerste lot was vir hulle -

¹¹ en aan hulle is gegee: die stad van Arba, die vader van Anak, dit is Hebron, op die gebergte van Jahuda, met sy weiveld daaromheen;

¹² maar die saagrond van die stad, met sy dorpe, het hulle aan Kalēb, die seun van Jafunne, as sy besitting gegee.

¹³ En aan die kinders van Aharon, die priester, het hulle gegee Hebron, die vrystad vir hom wat 'n doodslag begaan het, met sy weiveld, en Libna met sy weiveld,

¹⁴ en Jattir met sy weiveld, en Eshtemóa met sy weiveld,

¹⁵ en Holon met sy weiveld, en Debir met sy weiveld,

¹⁶ en Ajin met sy weiveld, en Jutta met sy weiveld, en Bēt-Shemesh met sy weiveld: nege stede uit hierdie twee stamme.

¹⁷ En uit die stam van Binjamin: Gib'on met sy weiveld, en Geba met sy weiveld,

JAHOSHUA 22

¹⁸ en Anatot met sy weiveld, en Almon met sy weiveld: vier stede.

¹⁹ Al die stede van die kinders van Aharon, die priesters, was dertien stede met hulle weiveld.

²⁰ En die geslagte van die kinders van Kehat, die Leviete, wat nog oor was van die kinders van Kehat, het hulle stede wat deur die lot aangewys was, ontvang uit die stam van Efrajim;

²¹ en hulle het aan hulle gegee die vrystad vir hom wat 'n doodslag begaan het Shekem met sy weiveld op die gebergte van Efrajim, en Geser met sy weiveld,

²² en Kibzājim met sy weiveld, en Bēṭ-Horon met sy weiveld: vier stede.

²³ En uit die stam van Dan: Éltek met sy weiveld, Gibbeton met sy weiveld,

²⁴ Ajalon met sy weiveld, Gat-Rimmon met sy weiveld: vier stede.

²⁵ En uit die helfte van die stam van Manashshe: Táānag met sy weiveld, en Gat-Rimmon met sy weiveld: twee stede;

²⁶ alles saam tien stede met hulle weiveld vir die geslagte van die kinders van Kehat wat nog oorgebly het.

²⁷ En aan die kinders van Gěreshon uit die geslagte van die Leviete: uit die halwe stam van Manashshe, die vrystad vir hom wat 'n doodslag begaan het: Golan in Bashan met sy weiveld, en Bešhtéra met sy weiveld: twee stede.

²⁸ En uit die stam van Jissasqar: Kishjon met sy weiveld, en Daḅerat met sy weiveld,

²⁹ Jarmut met sy weiveld, Ĕn-Gannim met sy weiveld: vier stede.

³⁰ En uit die stam van Ashēr: Mish'al met sy weiveld, Abdon met sy weiveld,

³¹ Helkat met sy weiveld, en Reḥoḅ met sy weiveld: vier stede.

³² En uit die stam van Náftali, die vrystad vir hom wat 'n doodslag begaan het: Kedesh in Galil met sy weiveld, en Ḥamot-Dor met sy weiveld, en Kartan met sy weiveld: drie stede;

³³ al die stede van die Gěshoniete, volgens hulle geslagte, was dertien stede

met hulle weiveld.

³⁴ En aan die geslagte van die kinders van Merári, die Leviete wat nog oor was - uit die stam van Séḅulon: Jókneam met sy weiveld, Karta met sy weiveld,

³⁵ Dimna met sy weiveld, Náhalal met sy weiveld: vier stede.

³⁶ En uit die stam van Reūḅēn: Betser met sy weiveld, en Jahtsa met sy weiveld,

³⁷ Kedēmot met sy weiveld, en Mefáat met sy weiveld: vier stede.

³⁸ En uit die stam van Gad, die vrystad vir hom wat 'n doodslag begaan het: Ramot in Gil'ad met sy weiveld, en Maḥanājim met sy weiveld,

³⁹ Heshbon met sy weiveld, Jaéser met sy weiveld: alles saam vier stede.

⁴⁰ Al die stede was vir die kinders van Merári, volgens hulle geslagte wat nog oor was uit die geslagte van die Leviete; en hulle lot was twaalf stede.

⁴¹ Al die stede van die Leviete, tussen die besitting van die kinders van Jisra'el in, was agt en veertig stede met hulle weiveld.

⁴² Hierdie stede het stad vir stad rondom hulle weiveld gehad; so was dit met al hierdie stede.

⁴³ So het יהוה dan die hele land aan Jisra'el gegee wat Hy hulle vaders met 'n eed beloof het om hulle te gee; en hulle het dit in besit geneem en daarin gaan woon.

⁴⁴ En יהוה het hulle aan alle kante rus gegee net soos Hy hulle vaders met 'n eed beloof het; en niemand van al hul vyande het voor hulle standgehou nie; al hulle vyande het יהוה in hulle hand gegee.

⁴⁵ Geen woord van al die goeie woorde wat יהוה aa die huis van Jisra'el gesê het, het onvervuld gebly nie; alles het uitgekóm.

22 Toe het Jahoshua die Reūḅēniete en die Gadiete en die halwe stam van Manashshe laat roep

² en aan hulle gesê: "Julle het alles onderhou wat Moshe, die dienaar van

JAHOSHUA 22

יהוה, julle beveel het, en julle het na my geluister in alles wat ek julle beveel het.

³ "Julle het jul broers nie in die steek gelaat nie - dit is nou baie dae al tot vandag toe - en het die diens, die bevel van יהוה julle Elohim bewaar.

⁴ "Maar nou het יהוה julle Elohim jul broers rus gegee, soos Hy hulle beloof het; draai dan nou om en gaan na julle tente, na die land van julle besitting wat Moshe, die dienaar van יהוה, julle oorkant die Jardĕn gegee het.

⁵ "Neem net noukeurig in ag die onderhouding van die gebod en die Tora wat Moshe, die dienaar van יהוה, julle beveel het, om יהוה julle Elohim lief te hê en in al Sy weë te wandel en Sy gebooië te onderhou en Hom aan te hang en Hom te dien met julle hele hart en met julle hele wese."

⁶ So het Jahoshua hulle dan geseën en hulle laat gaan; en hulle het getrek na hul tente toe.

⁷ Maar aan die een helfte van die stam van Manashshe het Moshe in Bashan 'n erfdeel gegee, en aan die ander helfte daarvan het Jahoshua 'n deel gegee saam met hulle broers, duskant die Jardĕn in die weste. En toe Jahoshua hulle laat gaan het na hul tente, het hy hulle ook geseën

⁸ en met hulle gepraat en gesê: "Gaan terug na julle tente met groot rykdomme en 'n menigte van vee, met silwer en goud en koper en yster en baie klere; deel die buit van julle vyande saam met julle broers."

⁹ So het die kinders van Reuḇĕn en die kinders van Gad en die halwe stam van Manashshe dan teruggegaan, en hulle het weggetrek van die kinders van Jisra'ĕl af, uit Shilo wat in die land Kanaän lê, om te gaan na die land Gil'ad, na die land van hulle besitting waarin hulle, op bevel van יהוה deur die diens van Moshe, vaste besittings verkry het.

¹⁰ Toe hulle kom by die klipkrale van die Jardĕn, wat in die land Kanaän lê, het die kinders van Reuḇĕn en die kinders van

Gad en die halwe stam van Manashshe daar 'n altaar gebou by die Jardĕn, 'n groot opsigtelike altaar.

¹¹ Maar toe die kinders van Jisra'ĕl hoor sê: "Kyk, die kinders van Reuḇĕn en die kinders van Gad en die halwe stam van Manashshe het die altaar gebou teenoor die land Kanaän, by die klipkrale van die Jardĕn, aan die kant van die kinders van Jisra'ĕl."

¹² Toe die kinders van Jisra'ĕl dit hoor, het die hele vergadering van die kinders van Jisra'ĕl bymeekaargekom in Shilo om op kommando teen hulle op te trek.

¹³ En die kinders van Jisra'ĕl het Pineḥas, die seun van El'ásar, die priester, na die kinders van Reuḇĕn en die kinders van Gad en die halwe stam van Manashshe, na die land Gil'ad gestuur,

¹⁴ en tien owerstes saam met hom, vir elke familie van al die stamme van Jisra'ĕl een owerste; en hulle was elkeen 'n familiehoof van die stamme van Jisra'ĕl.

¹⁵ Toe hulle by die kinders van Reuḇĕn en die kinders van Gad en die halwe stam van Manashshe in die land Gil'ad kom, het hulle met hulle gepraat en gesê:

¹⁶ "So sê die hele vergadering van יהוה: 'Wat is dit vir 'n troubreuk wat julle begaan teen die Elohim van Jisra'ĕl, dat julle vandag van יהוה afvallig word deur vir julle 'n altaar te bou, deur vandag teen יהוה in opstand te kom?'

¹⁷ 'Is die ongeregtigheid in verband met Peor vir ons nog nie genoeg nie, waarvan ons tot vandag toe ons nie gereinig het nie - toe die plaag oor die vergadering van יהוה gekom het?'

¹⁸ "En julle wil vandag van יהוה afvallig word! Indien julle dan vandag in opstand kom teen יהוה, sal Hy môre toornig word op die hele vergadering van Jisra'ĕl.

¹⁹ 'Indien die land van julle besitting egter onrein is, trek dan oor na die eie land van יהוה waar die tabernakel van יהוה gevestig is, en verkry onder ons vaste besittings; maar moenie teen יהוה in opstand kom nie, en moenie teen ons

JAHOSHUA 23

opstandig wees deur vir julle 'n altaar te bou naas die altaar van יהוה ons Elohim nie.

²⁰ Toe Agan, die seun van Serag, hom vergryp het aan die bangoed, het daar nie 'n toorn oor die hele vergadering van Jisra'el gekom nie? En hy self het nie alleen weens sy ongeregtigheid omgekom nie."

²¹ Daarop het die kinders van Reuḇḇen en die kinders van Gad en die halwe stam van Manashshe geantwoord en aan die stamhoofde van Jisra'el gesê:

²² "Elohim, יהוה, Elohim, יהוה, Hy weet dit; en ook Jisra'el mag dit weet. Indien dit deur opstandigheid of deur troubreuk teen יהוה is, verlos ons nie vandag nie, יהוה!

²³ "Indien ons 'n altaar vir ons gebou het om van יהוה afvallig te word; en indien dit is om daarop 'n brandoffer en graanoffer te bring of om daarop dankoffers te berei, dan mag יהוה self dit wreek.

²⁴ "Maar waarlik, ons het dit uit 'n sekere besorgdheid gedoen en gesê: 'Later sou julle kinders met ons kinders kan praat en sê: "Wat het julle te doen met יהוה, die Elohim van Jisra'el?"

²⁵ "Indien ons 'n altaar vir ons en julle, kinders van Reuḇḇen en kinders van Gad, die Jardēn as grens gestel; julle het geen deel aan יהוה nie;" so sal julle kinders dan maak dat ons kinders יהוה nie meer vrees nie.'

²⁶ "Daarom het ons gesê: 'Laat ons tog dit doen en vir ons die altaar bou, nie vir brandoffer en nie vir slagoffer nie,

²⁷ maar dat dit 'n getuie kan wees tussen ons en julle en ons geslagte ná ons dat ons die diens van יהוה sal waarneem voor Sy aangesig met ons brandoffers en ons slagoffers en ons dankoffers, sodat julle kinders later nie aan ons kinders kan sê: "Julle het geen deel aan יהוה nie."'

²⁸ "En ons het gedink, indien hulle dit later aan ons en ons geslagte sou sê, sal ons sê: 'Kyk na die boustyl van die altaar van יהוה wat ons vaders gemaak het, nie

vir brandoffer en nie vir slagoffer nie, maar 'n getuie is hy tussen ons en julle.'

²⁹ "Dit is ver van ons dat ons opstandig sou word teen יהוה en vandag afvallig sou word van יהוה deur 'n altaar te bou vir brandoffer, graanoffer en slagoffer naas die altaar van יהוה ons Elohim wat voor Sy tabernakel staan."

³⁰ Toe Pineḥas, die priester, en die owerstes van die vergadering, die stamhoofde van Jisra'el wat saam met hom was, die woorde hoor wat die kinders van Reuḇḇen en die kinders van Gad en die kinders van Manashshe gesê het, was dit goed in hulle oë.

³¹ Toe sê Pineḥas, die seun van El'ásar, die priester, aan die kinders van Reuḇḇen en die kinders van Gad en die kinders van Manashshe: "Vandag weet ons dat יהוה in ons midde is, omdat julle hierdie troubreuk teen יהוה nie begaan het nie; nou het julle die kinders van Jisra'el gered uit die hand van יהוה."

³² Daarop het Pineḥas, die seun van El'ásar, die priester, en die owerstes teruggekeer van die kinders van Reuḇḇen en die kinders van Gad, uit die land Gil'ad na die land Kanaän, na die kinders van Jisra'el, en hulle 'n antwoord gebring.

³³ En die antwoord was goed in die oë van die kinders van Jisra'el, en die kinders van Jisra'el het Elohim geprys; en hulle het nie meer gepraat om teen hulle op kommando te trek, om die land waarin die kinders van Reuḇḇen en die kinders van Gad gewoon het, te verwoes nie.

³⁴ En die kinders van Reuḇḇen en die kinders van Gad het die altaar genoem: "n getuie tussen ons dat יהוה Elohim is."

23 'n Geruime tyd daarna, nadat יהוה aan Jisra'el rus gegee het van al sy vyande rondom, en Jahoshua oud en ver op sy dae was,

² het Jahoshua die hele Jisra'el laat roep, sy oudstes en sy hoofde en sy regters en sy opsigters, en vir hulle gesê: "Ek is oud, ek is ver op my dae;

³ en julle het self gesien alles wat יהוה

julle Elohim aan al hierdie nasies voor julle uit gedoen het; want יהוה julle Elohim, Hy het vir julle gestry.

⁴ “Kyk, ek het hierdie nasies wat nog oorgebly het, as erfdeel aan julle laat val, aan julle stamme, van die Jardēn af - met al die nasies wat ek uitgeroei het - tot by die Groot See in die weste.

⁵ “En יהוה julle Elohim self sal hulle voor julle verjaag en hulle voor julle uit verdryf, sodat julle hulle land in besit kan neem soos יהוה julle Elohim julle beloop het.

⁶ “Maar julle moet daar baie vas by staan om sorgvuldig te doen alles wat geskryf staan in die Boek van die Tora van Moshe, dat julle daar nie regs of links van afwyk nie;

⁷ dat julle met hierdie nasies wat met julle saam oorgebly het, nie meng nie; julle mag ook die naam van hulle elohim^e nie noem en daarby nie laat sweer nie, en julle mag hulle nie dien en julle voor hulle nie neerbuig nie;

⁸ maar יהוה julle Elohim moet julle aanhang soos julle tot vandag toe gedoen het.

⁹ “Want יהוה het tog groot en magtige nasies voor julle uit verdryf; en wat julle betref - niemand het tot vandag toe voor julle standgehou nie.

¹⁰ “Een man uit julle het duisend agtervolg; want יהוה julle Elohim, Hy het vir julle gestry soos Hy julle beloop het.

¹¹ “Neem julle dan terdeë in ag om יהוה julle Elohim lief te hê;

¹² want indien julle ooit mag afwyk en hierdie nasies aanhang wat nog met julle saam oorgebly het, en julle met hulle ondertrou en julle met hulle en hulle met julle meng,

¹³ weet dan verseker dat יהוה julle Elohim nie langer hierdie nasies voor julle uit sal verdryf nie; maar hulle sal vir julle ’n vangnet en ’n strik wees en ’n engel in julle sye en dorings in julle oë, totdat julle omkom uit hierdie goeie land wat

^e Sh'm 23:13

יהוה julle Elohim aan julle gegee het.

¹⁴ “En kyk, ek gaan vandag die weg van die ganse aarde, maar julle moet erken met jul hele hart en met jul hele wese dat nie een woord van al die goeie woorde wat יהוה julle Elohim oor julle gesê het, onvervuld gebly het nie; alles het vir julle uitgekom, nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie.

¹⁵ “Maar soos al die goeie woorde oor julle gekom het wat יהוה julle Elohim oor julle gesê het, so sal יהוה oor julle al die woorde van kwaad laat kom, totdat Hy julle verdelg het uit hierdie goeie land wat יהוה julle Elohim aan julle gegee het.

¹⁶ “Indien julle die verbond van יהוה julle Elohim wat Hy julle beveel het, oortree en ander elohim gaan dien en julle voor hulle neerbuig, dan sal die toorn van יהוה teen julle ontvlam, en julle sal gou vergaan uit die goeie land wat Hy aan julle gegee het.”

24 Daarna het Jahoshua al die stamme van Jisra'ël byeen laat kom in Sheķem, en hy het die oudstes van Jisra'ël en sy hoofde en sy regters en sy opsigters laat roep, en hulle het hul voor die aangesig van Elohim gestel.

² Toe sê Jahoshua aan die hele volk: “So sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël: ‘Oorkant die Eufraat het julle vaders van ouds gewoon - Terah, die vader van Abraham en die vader van Naħor, en hulle het ander elohim gedien.

³ ‘Maar Ek het julle vader Abraham van oorkant die Eufraat af geneem en hom deur die hele land Kanaän laat trek en sy saad vermeerder en Jitshak aan hom gegee;

⁴ en aan Jitshak het Ek Jaakob en Ėsaaw gegee, en aan Ėsaaw het Ek die gebergte S'ĕir gegee, om dit in besit te neem; maar Jaakob en sy kinders het na Mitsrajim afgetrek.

⁵ ‘Toe het Ek Moshe en Aharon gestuur en Mitsrajim getref soos Ek dit daar gedoen het, en daarna het Ek julle uitgelei.

⁶ ‘Toe Ek julle vaders uit Mitsrajim gelei

JAHOSHUA 24

het, het julle by die see gekom; maar die Mitsrim het julle vaders agternagejaag met strydwaens en perderuiters na die Rietsee toe;

⁷ maar hulle het יהוה aangeroep, en Hy het 'n duisternis gestel tussen julle en die Mitsrim en die see oor hulle laat kom, sodat dit hulle oordek het, en julle eie oë het gesien wat Ek aan Mitsrajim gedoen het. Daarna het julle baie dae in die woestyn gebly.

⁸ Daarop het Ek julle bring in die land van die Amoriete wat oos van die Jardën gewoon het, en hulle het teen julle geveg; maar Ek het hulle in julle hand gegee, sodat julle hul land in besit geneem het, en Ek het hulle voor julle uit verdelg.

⁹ Toe het Balak, die seun van Tsippor, die koning van Moab, hom klaargemaak en teen Jisra'ël geveg; en hy het gestuur om Bil'am, die seun van Beor, te roep om julle te vervloek;

¹⁰ maar Ek wou nie na Bil'am luister nie, sodat hy julle net geseën het; en Ek het julle uit sy hand gered.

¹¹ Toe julle die Jardën deurgetrek en by Jerigo gekom het, het die burgers van Jerigo, die Amoriete en Feresiete en Kanaänim en Hetiete en Girgasiete, die Hewiete en Jebusiete teen julle geveg; maar Ek het hulle in julle hand gegee

¹² en perdebye voor julle uit gestuur, wat hulle voor julle uit verdryf het, - die twee konings van die Amoriete - nie deur jou swaard en nie deur jou boog nie.

¹³ 'So het Ek julle dan 'n land gegee waar julle nie aan gearbei en stede wat julle nie gebou het nie, dat julle daarin kan woon; wingerde en olyfbome wat julle nie geplant het nie, daar eet julle van.'

¹⁴ "Vrees dan nou יהוה en dien Hom in opregtheid en waarheid, en verwyder die elohim wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Mitsrajim, en dien יהוה!

¹⁵ "Maar indien dit verkeerd is in julle oë om יהוה te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die elohim wat julle

vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, of die elohim van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal יהוה dien."

¹⁶ Toe antwoord die volk en sê: "Dit is ver van ons, dat ons יהוה sou verlaat om ander elohim te dien;

¹⁷ want יהוה is Elohim, dit is Hy wat ons en ons vaders uit die land van Mitsrajim uit die slawehuis laat optrek het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en onder al die volke waar ons dwarsdeur getrek het;

¹⁸ en יהוה het al die volke en die Amoriet, die inwoner van die land, voor ons uit verdryf. Ook ons sal יהוה dien, want Hy is ons Elohim."

¹⁹ Maar Jahoshua het vir die volk gesê: "Julle kan יהוה nie dien nie, want Hy is 'n afgesonderde Elohim, Hy is 'n jaloerse Êl; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie.

²⁰ "Indien julle יהוה verlaat en vreemde elohim dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig, nadat Hy aan julle goed gedoen het."

²¹ Toe sê die volk vir Jahoshua: "Nee, maar ons sal יהוה dien."

²² Daarop sê Jahoshua aan die volk: "Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself יהוה gekies het om Hom te dien." En hulle sê: "Ons is getuies."

²³ "Verwyder dan nou die vreemde elohim wat onder julle is, en neig julle hart tot יהוה, die Elohim van Jisra'ël."

²⁴ Daarop sê die volk aan Jahoshua: "Ons sal יהוה ons Elohim dien en na Sy stem luister."

²⁵ En op dié dag het Jahoshua met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle 'n insetting en 'n reg vasgestel in Shekëm.

²⁶ En Jahoshua het hierdie woorde in die Boek van die Tora van Elohim geskryf en 'n groot klip geneem en dié daar opgerig onder die eikeboom wat by die afgesonderde plek van יהוה is.

²⁷ Toe sê Jahoshua aan die hele volk: "Kyk, hierdie klip sal 'n getuie teen ons

JAHOSHUA 24

wees, want hy het al die woorde van יהוה gehoor wat Hy met ons gepraat het; en hy sal 'n getuie teen julle wees, sodat julle jul Elohim nie verloën nie."

²⁸ Toe het Jahoshua die volk laat gaan, elkeen na sy erfdeel toe.

²⁹ En ná hierdie dinge het Jahoshua, die seun van Nun, die dienaar van יהוה, gesterf, honderd en-tien jaar oud.

³⁰ En hulle het hom begrawe op die grondgebied van sy erfdeel in Timnat-Serag wat op die gebergte van Efrajim lê, noord van die berg Gaāsh.

³¹ En Jisra'ël het יהוה gedien al die dae van Jahoshua en al die dae van die oudstes wat lank ná Jahoshua nog in die

lewe was en met al die werke van יהוה bekend was wat Hy vir Jisra'ël gedoen het.

³² Ook die beendere van Josëf wat die kinders van Jisra'ël uit Mitsrajim saamgebring het, het hulle begrawe in Sheķem, op die stuk grond wat Jaakob van die kinders van Hāmor, die vader van Sheķem, vir honderd geldstukke gekoop het, en wat die kinders van Josëf as erfdeel ontvang het.

³³ En toe El'āsar, die seun van Aharon, gesterf het, het hulle hom begrawe op die heuwel van sy seun Pinehas wat aan hom gegee was op die gebergte Efrajim.